

**Landdroste en Staatsaanklaers se spesifieke kennisbasis van
die kind as getuie in die hof: 'n Maatskaplikewerkondersoek**

Marinda Cilliers

BA (MW) (Universiteit van Pretoria)

Manuskrip voorgelê ter vervulling van die
vereistes vir die graad

MSW

**(MAATSKAPLIKE WERK IN FORENSIESE
PRAKTYK)**

IN DIE FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

van die

Noordwes-Universiteit

POTCHEFSTROOM-KAMPUS

Studieleier:

Potchefstroom

Prof. C.C. Wessels

Mei 2011

ERKENNING

Hierdie manuskrip word met al my liefde opgedra aan my dogter, Brigítte. Sy was my grootste leermeester en inspirasie.

Met groot dank aan:

- My Hemelse Vader wat my in staat gestel het om hierdie graad te voltooi.
- My familie en vriende vir hulle volgehoue ondersteuning, aanmoediging en geloof in my.
- Al die individue in die regsektor wat betrokke was by hierdie studie.
- My studieleier, Prof. C.C. Wessels vir haar kundigheid en leiding deur hierdie navorsingsondersoek.

INHOUDSOPGAWE

ERKENNING.....	I
INHOUDSOPGAWE.....	II
OPSOMMING.....	III
SUMMARY.....	IV
VERKLARING EN VOORWOORD.....	V
HANDTEKENING.....	V
DATUM.....	V
INSTRUCTION TO AUTHORS.....	VI
LANDDROSTE EN STAATSAANKLAERS SE SPESIFIEKE KENNISBASIS VAN DIE KIND AS GETUIE IN DIE HOF: 'N MAATSKAPLIKE WERK ONDERSOEK.....	1
ABSTRACT.....	1
1. PROBLEEMFORMULERING.....	1
2. NAVORSINGSVRAAG.....	9
3. DOELSTELLING.....	9
4. DOELWITTE.....	9
5. SENTRALE TEORETIESE STELLING.....	9
6. NAVORSINGSMETODIEK.....	9
6.1 <i>Literatuuroorsig</i>	10
6.2 <i>Empiriese ondersoek</i>	10
6.2.1 <i>Navorsingsontwerp</i>	10
6.2.2 <i>Navorsingsprosedure</i>	11
6.2.3 <i>Deelnemers</i>	12
6.2.4 <i>Meetinstrument</i>	12
6.2.5 <i>Etiese aspekte</i>	12
6.2.6 <i>Dataverwerking</i>	13
7. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE.....	13
8. BESPREKING VAN DIE EMPIRIESE DATA.....	15
8.1 <i>Vraag 1 in onderhoudskedule:</i>	15
8.2 <i>Vraag 2 in onderhoudskedule:</i>	17
8.3 <i>Vraag 3 in onderhoudskedule:</i>	18
8.4 <i>Vraag 4 in onderhoudskedule:</i>	24
8.5 <i>Vraag 5 in die onderhoudskedule:</i>	26
8.6 <i>Vraag 6 in die onderhoudskedule:</i>	29
8.7 <i>Vraag 7 in die onderhoudskedule:</i>	30
8.8 <i>Vraag 8 in die onderhoudskedule:</i>	35
9. GEVOLGTREKKING.....	37
10. AANBEVELINGS.....	40

OPSOMMING

SLEUTELTERME: Seksuele misbruik, kind as getuie, staatsaanklaer, landdros

Die seksuele misbruik van kinders is 'n al groter-wordende tendens in Suid-Afrika. Die seksuele misbruik van kinders is waarskynlik ook een van die moeilikste sake om te verhoor en te vervolg omdat daar meestal net twee getuiers van die gebeure is: die kind en die vermeende oortreder. Die kind se getuie is die belangrikste en dikwels die enigste bewys van die misdaad wat gepleeg is.

Die oorweldigende gevolg van seksuele misbruik by kinders is die ervaring van verlies en magteloosheid. Die geregtelike proses kan die kind se gevoel van verlies en magteloosheid versterk/vererger, of deel wees van die herstelproses, deurdat dit aan die kind 'n gevoel van mag kan teruggee. Die verhoor gee die kind die geleentheid om te sien dat reg geskied het, maar dit gebeur slegs wanneer die kind ondersteuning ontvang tydens die hofprosedure en billik en menswaardig behandel word.

Staatsaanklaers is dié persone wat namens die Staat die klaer se saak in die hof moet stel. Dit is daarom van kardinale belang dat staatsaanklaers en landdroste oor die nodige kennisbasis moet beskik ten opsigte van die kind as getuie in die hof, sodat hulle kan bepaal of die geregtelike proses in die beste belang van die kind is en verseker dat dit so verloop.

Hierdie ondersoek het bevind dat die kennisbasis van staatsaanklaers en landdroste ten opsigte van die kind as getuie in die hof, in verskeie aspekte onvoldoende is. Aanbevelings is gedoen met die oog op die verbetering van die kennisbasis van staatsaanklaers en landdroste in hierdie verband.

SUMMARY

Key words: Sexual abuse, child as witness, public prosecutor, magistrate

The sexual abuse of children is becoming an increased tendency in South Africa. Sexual abuse of children is therefore one of the most difficult issues to prove in a court of law because there are usually only two witnesses: the child and the alleged offender. The child's testimony is the most important and most often the only evidence of a crime that has been committed.

The overwhelming result of sexual abuse in children is the experience of loss and powerlessness. The judicial process can aggravate the child's feeling of loss and helplessness or be part of the healing process by empowering his/her self-esteem. The trial allows the child the opportunity to experience that justice had been served, but this can only happen when the child has been supported during the court procedure and treated with respect and dignity.

Public prosecutors are the people who represent the complainant's case in court on behalf of the State. It is therefore of utmost importance that public prosecutors and magistrates dispose of the necessary knowledge of the child as witness in court to ensure that the course of the legal process is in the best interest of the child.

The findings of this study proved that the knowledge base of public prosecutors and magistrates inadequate is in many ways. Recommendations were made in anticipation of an improved knowledge base for public prosecutors and magistrates.

VERKLARING EN VOORWOORD

Hiermee verklaar ek, Marinda Cilliers, dat hierdie artikel getitel: Landdroste en Staatsaanklaers se spesifieke kennisbasis van die kind as getuie in die hof: 'n Maatskaplike werk ondersoek my eie werk is. Verder verklaar ek dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

Handtekening

Datum

Hierdie manuskrip word in artikelformaat voorgelê in ooreenstemming met Reëls A.7.2.3. soos vervat in die Jaarboek van die Noordwes Universiteit (Potchefstroom Kampus, 2010).

Hierdie artikel tel 50% van die hele program.

INSTRUCTION TO AUTHORS

CARSA is a national journal that promotes academic and professional discourse amongst professionals involved in child-care work in South Africa. It publishes high quality, peer-evaluated, applied, multidisciplinary articles focusing on the theoretical, empirical and methodological issues related to child abuse in the light of the current political, cultural and intellectual topics in South Africa. Authors of articles submitted for review will remain anonymous. The comments of the reviewers and peer evaluators should be constructive and helpful and designed to aid the authors to produce articles that can be published. The authors may then use these comments to revise their articles. However, the final decision on whether or not to publish an article rests with the editor. There should be an interval of at least two issues between articles published by the same author.

Preparing articles for submission

The submitted articles should always conform to CARSA's house style. As the journal develops, it is envisaged that it will contain full-length articles, shorter debates, book reviews and software reviews. The following information is provided regarding the length of articles:

- full-length articles should not exceed a word count of 8000 (tables excluded)
- shorter articles (in the form of shorter debates) should not exceed a word count of 3000 (tables excluded)
- book reviews should not exceed a word count of 1000
- software reviews should not exceed a word count of 3000

Tables, figures, illustrations and references are excluded from the word count. Book reviews and software reviews will be initiated by the editor and review editors. They will commission individuals to do the reviews. Prospective authors are expected to abide by language guidelines regarding issues of gender and race and disability.

Empirical research should adhere to acceptable standards of descriptive and inferential statistics and empirical data should be manipulated statistically using an acceptable statistical program such as the Statistical Package for the Social Sciences (SPSS) or SAS. The inferences regarding qualitative analysis should also be accompanied by an explanation of the techniques used or should utilise statistical packages such as SQR.NUD.IST which are recognised for this type of analysis.

Copyright policy and author's rights

Once an article has been accepted for publication, the author automatically agrees to the following conditions. All work published in CARSA is subject to copyright and may not be reproduced, in whole or in part, in any manner or in any medium without the written consent of the editor, unless no charge is made for the copy containing the work, and provided the author's name and place of first publication appears in the work. Authors assign copyright to CARSA.

Non-exclusive rights for contributions to debates and comments to articles are requested so that these may also appear in CARSA. The moral right of the author to his or her work remains with the author. Where applicable, contributors should indicate sources of funding. It is the duty of the author to clear copyright on empirical, visual or oral data. Simultaneous submission to other electronic or printed journals is not allowed.

Notes for contributors

Articles that appear in CARSA are subject to the usual academic process of anonymous peer reviewing. The articles that are written by the editorial staff will be refereed by independent referees. Electronic submission of articles by E-mail should be done in one of the following:

(A) MS Windows, Word (B) WordPerfect (C) Plain ASCII File format.

Figures, maps, and photographs should be submitted on disk in any standard format.

Authors should submit their work to [SAPSAC](#).

Authors who are unable to submit their work electronically should despatch three copies [to the postal address](#). Before submission, articles should have been corrected for errors, edited and should be accurate.

It is the responsibility of the author that articles should be language and technically edited, before submission.

Style

Main headings should be typed in upper case and begin at the left margin. No indentation is allowed. Dates should be written as follows: 9 January, 2000. Bold, italics and underscore should be formatted as such in the original document.

The recommended style for reference purposes is the abbreviated Harvard technique, for example, "Child abuse is rising (Author 1999:10)" OR "According to Author (1999:10), child abuse is rising". In the case of legal articles, footnotes will be allowed.

To work toward uniformity in the alphabetical bibliography at the end of an article, the following examples of format are given:

Books:

Kuehnle, K. 1996. Assessing allegations of child sexual abuse. Sarasota: Professional Resource Press.

Articles:

Collings, SJ & Payne, MF. 1991. Attribution of causal and moral responsibility to victims of father-daughter incest: an exploratory examination of five factors. *Child Abuse and Neglect* (15)4:513-521.

Where applicable, contributors should indicate sources of funding. It is the duty of the author to clear copyright on empirical, visual or written data. Simultaneous submission to other electronic or printed journals is not allowed.

Non-sexist language

Gender specific nouns and pronouns should not be used to refer to people of both sexes. The guidelines on sexist, racist and other discriminatory language should be observed. The following is intended to assist contributors to refrain from sexist language by suggesting non-sexist alternatives.

Sexist: Each respondent was asked whether he wanted to participate. The child should have enough time to familiarise himself with the test.

Non-sexist: Respondents were asked whether they wished to participate. Enough time should be allowed for the child to become familiar with the test.

LANDDROSTE EN STAATSAANKLAERS SE SPESIFIEKE KENNISBASIS VAN DIE KIND AS GETUIE IN DIE HOF: 'N MAATSKAPLIKE WERK ONDERSOEK

Marinda Cilliers, Meestergraadstudent aan die Noordwes Universiteit (Potchefstroomkampus) werksaam as Programbestuurder by Childline Mpumalanga.

Prof. C.C. Wessels, Programbestuurder Maatskaplike Werk in Forensiese Praktijk, Noordwes Universiteit, Potchefstroomkampus.

ABSTRACT

This article is based on empirical data obtained during structured interviews with state prosecutors and magistrates with regard to their specific knowledge base regarding children as witnesses in court.

1. PROBLEEMFORMULERING

Die seksuele misbruik van kinders is 'n al groter-wordende tendens in Suid-Afrika. Saffy (2003:132) meld in hierdie verband: *"The child as a victim of sexual abuse has recently received deliberated attention within the South African context."* Die verslag oor die Parlementêre Taakgroep rakende Seksuele Misbruik van Kinders (SA, 2002) noem dat seksuele misbruik van kinders die afgelope 10 jaar met 400% toegeneem het. Vyftig persent van alle kinders wat die terapisentrums van Childline KZN besoek ná insidente van seksuele misbruik, is onder die ouderdom van sewe jaar. Die verslag noem spesifiek dat daar tekortkominge is binne die regstelsel vir die suksesvolle verhoor van hierdie sake en die skuldigbevinding van oortreders. Hierdie stelling word beaam deur Waterhouse (2008:7), wat van mening is dat die eise wat die regstelsel aan reeds ernstig getraumatiseerde slagoffers stel teenstrydig is met die behoeftes van die slagoffer. Dit word verder bevestig deur Burman (2003:5) wat meen dat kinders se deelname in hofsake uiters beperk is en tot verdere trauma kan lei, *"even in cases where professionals are supposedly available to assist with the representation of their best interest"*.

Vir die doel van hierdie ondersoek word met die term 'kind' verwys na die kind tussen die ouderdom 6 en 10 jaar. Volgens Louw, Van Ede en Louw (1998:326) maak hierdie ouderdomme deel uit van die middelkinderjare, en berei die ervarings en ontwikkeling van die kind tydens hierdie fase hom voor vir die aanpassings en uitdagings van adolessensie.

Die navorser is van mening dat seksuele trauma tydens die kinderjare 'n kardinale effek het op die kind se verdere ontwikkeling. Meyers, Berliner, Briere, Hendrix, Jenny en Reid (2002:59) staaf hierdie mening: *"[C]hildhood sexual abuse is a significant risk factor for a variety of problems, both in the short term and in terms of later adult functioning."*

Die grootste persentasie seksueel misbruikte kinders wat die terapisentrum van Childline Mpumalanga gedurende 2009-besoek het, is tussen die ouderdomme van 6 en 10 jaar. Smallman (2010b:2) meld dat seksuele misbruik van kinders in Mpumalanga met 200% toegeneem het. Gedurende 2009 is 456 sake van seksuele misbruik van kinders aangemeld, in vergelyking met 144 sake in 2006. Dit dui dus op 'n toename van 324 sake.

Seksuele misbruik van kinders is waarskynlik een van die moeilikste sake om te verhoor en te vervolg omdat daar meestal net twee getuies van die gebeure is: die kind en die vermeende oortreder. Die kind se getuienis is die belangrikste en dikwels die enigste bewys van die misdaad wat gepleeg is.

Staatsaanklaers is dié persone wat namens die Staat die klaer se saak in die hof moet stel. Volgens Müller (2000:19) is die hofprosedure voorskriftelik, met beperkte reaksionele moontlikhede. Alhoewel Müller (2000:19) aanvoer dat *"[t]here is no provision for the child to address the court on certain questions which are not understood or to negotiate the direction of a line of questioning"* is die navorser van mening dat daar wel beperkte geleentheid is vir die kind om die hof toe te spreek, maar dat weinig kinders oor die moed of kennis beskik om dit te doen. Daarom is dit juis in hierdie verband waar die aanklaer se rol nie oorbeklemtoon kan word nie: hy of sy moet die kind se spreekbuis, middelaar en beskermers wees. Verder behoort die staatsaanklaer op 'n bekwame en kundige wyse die kind teen die oortreder se verdediging te beskerm, aangesien die oortreder se primêre oogmerk dikwels is om die saak te wen, en nie noodwendig om die waarheid te openbaar nie.

Die landdros moet die saak aanhoor en uitspraak lewer. Alhoewel sy rol meer passief is, kan hy nie onaktief wees nie aangesien hy beheer neem oor die verloop van die saak, relevansie van getuienis en verloop van kruisondervraging. Hy het ook die mag om na goeie eksplorerende vrae te vra of addisionele getuies in te roep wat die hof tydens die verhoor kan bystaan. Veral in sake van seksuele misbruik, waar die klaer die kind is, kan die waardevolle rol van die staatsaanklaer en die landdros nie oorbeklemtoon word nie.

Volgens Spies (2006:53) is die oorweldigendste gevolg van seksuele misbruik by kinders die ervaring van verlies en magteloosheid. Enige besluite wat 'n radikale effek op 'n kind se toekoms het, hetsy dit 'n besluit is ten opsigte van sorg en toesig, aanneming, pleegsorg of hofuitsprake, is die gevolg daarvan lewenslank (Burman, 2003:1). Die geregtelike proses kan die kind se gevoel van verlies en magteloosheid versterk/vererger, of deel wees van die herstelproses, deurdat dit aan die kind 'n gevoel van mag kan teruggee. Die verhoor gee die kind die geleentheid om te sien dat reg geskied het, maar dit gebeur slegs wanneer *“there has been a successful prosecution of the offender and the child has been treated well in the court process and received support”* (Müller, 2000:16). Dit is daarom van kardinale belang dat staataanklaers en landdroste oor die nodige kennisbasis beskik sodat hulle kan bepaal of die geregtelike proses in die beste belang van die kind is en verseker dat dit so verloop. Deur dit te verseker, selfs in gevalle waar die beweerde oortreder nie skuldig bevind word nie – en veral in sulke gevalle – word hulle medewerkers tot 'n positiewe antwoord op Burman (2003:1) se vraag: *“Children’s rights are now enshrined in the South African Constitution, and lip-service is regularly paid to them, but how effectively are they implemented?”*

Die hof, as opper-beskermheer van kinders, het 'n plig om kinders te beskerm. Volgens die Suid-Afrikaanse Grondwet 108/1996 (SA, 1996) het 'n kind die reg om teen mishandeling en verwaarlosing beskerm te word. By implikasie het 'n kind dus nie net die reg om **nie** mishandel te word nie, maar ook die reg om deur die Staat **beskerm** te word teen mishandeling en verwaarlosing (Müller & Van der Merwe, 2002:38).

Verder behoort staatsaanklaers en landdroste te begryp en te weet dat kinderslagoffers van seksuele misbruik se behoeftes verskil van dié van ander slagoffers van misdaad. Waterhouse (2008:5) beweer dat kinderslagoffers ander behoeftes het vanweë die aard en intensiteit van die trauma wat beleef is, hulle weerloosheid, sosiale ondersteuning aan die beweerde oortreder, en sosiale druk deur volwassenes teenoor die magtelose kinderslagoffer.

Ter staving van bogenoemde voer Burman (2003:3) aan dat, binne die Suid-Afrikaanse regstelsel, kinders se belange dikwels ondergeskik is aan dié van hulle ouers. Uit die aard van etlike jare se praktykondervinding kan die navorser ook nog 'n gevolg by reeds genoemde gevolge voeg: die stigmasering van die kinderslagoffer van seksuele misbruik.

Ongeag die kind se geslag, ouderdom, verstandsvermoë of die trauma verbonde aan die misbruik, word die kind iewers, deur iemand, met 'n mate van weersin en afkeur behandel. Dit is asof die gevoel van weersin en afkeur wat deur die pleeg van so 'n daad gewek word, té dikwels op die kind geprojekteer word.

Die Konvensie oor die Regte van die Kind, Art 19 (SA, 1989:211) stel dit duidelik dat *"the State must ensure that a holistic, substantive and procedural system is in place that will expediently and effectively prevent forms of child abuse and, when this is not possible, support and assist children who are victims of abuse"*. Ook binne die geregtelike proses moet verdere traumatisering van kinders voorkom word en moet hulle ondersteun en beskerm word. Volgens Conradie (2003:6) kan dit egter slegs realiseer indien die kennisbasis van regslui voldoende is. Conradie (2003:6) beklemtoon dat daar 'n gebrek is aan ervaring met betrekking tot die vervolging van seksuele misdrywe teen kinders, en voer aan dat die dienste van die vervolgingsgesag onvoldoende is om werklik om te sien na die beste belang van kinders. Dit het tot gevolg dat die kind se trauma tydens die verhoor verhoog, en hom met 'n gevoel laat dat die regstelsel hom gefaal het: *"the fact that there is a lack of experience in the prosecution of child abuse cases, increases the child's trauma during the case"* (Conradie, 2003:6).

Waterhouse (2008:4) ondersteun die Parlementêre taakgroep se aanbeveling dat wette effektief geïmplementeer moet word, veral deur kinderbeskermingsowerhede. Sy maak spesifiek melding van die verwagtinge wat adolessente en volwassenes wat as kind slagoffers van seksuele misbruik was, van die kriminele regstelsel koester:

[T]hey need and expect the Criminal Justice System to ensure that:

- *justice will be served*
- *they will be protected from further harm*
- *they will be believed and taken seriously*
- *there will be closure*
- *the case will be handled efficiently.*

Selfs al word die Wet effektief geïmplementeer, blyk dit dat daar steeds binne die kriminele hof 'n groot leemte is in die hantering van sake van seksuele misbruik van kinders.

In Nelspruit, Mpumalanga het die Seksuele Oortredings- en Gemeenskapsaangeleenthede-eenheid (SOGA-eenheid) op 1 Desember 2002 in werking getree en is dit in Julie 2003 amptelik geopen. Hierdie hof is tans nog in werking alhoewel dit in ander gebiede reeds ontbind het. Drie landdroste, met etlike jare ondervinding in sake van kinder- seksuele misbruik, roteer tweejaarliks. Die Regeringskommunikasie- en Inligtingstelsel (RKIS) identifiseer in hul jaarboek (SA,2010) die volgende as spesifieke take van die SOGA-eenhede:

- *reduce victimisation of women and children by enhancing capacity to prosecute sexual offences and domestic violence cases*
- *reduce secondary victimisation of complainants and raise public awareness of the scourge of sexual offences and domestic violence*
- *ensure proper management of young offenders.*

'n Leemte in die SOGA-eenhede is dat net vroue ingesluit word by die kinders. Die feit dat mans lank reeds ook die teiken van seksuele misdrywe en huishoudelike geweld is, word bevestig deur die feit dat die Wet op Seksuele Misbruik, 32/2007 (SA, 2007) spesifieke melding en voorsiening maak vir manlike slagoffers van verkragting (iets wat nie in die vorige wet omvat was nie). Dit is dus tyd dat hierdie beginsel aanvaar en ingesluit word in die werksetiek van alle eenhede wat met sake van seksuele misbruik werk. Die navorser is van mening dat die spesifieke taak van die SOGA-eenheid as volg moet lees: *“reduce incidents of sexual offences and domestic violence by enhancing capacity to prosecute”*.

Die verhouding tussen die kind en die beweerde oortreder is 'n aspek wat nie altyd in die howe korrek verstaan of geïnterpreteer word nie. In hierdie verband meld Waterhouse (2008:5) dat die dikwels hegte verhouding tussen die slagoffer en oortreder tot die kompleksiteit van sake van seksuele misbruik bydra. Dit is dus ook te verstane dat Waterhouse (2008:5) die volgende standpunt inneem: *“Various forms of specialised support are required for proper case management to assist children in the Criminal Justice Court who have been sexually violated.”*

Daar is in 2006 oor so 'n saak in 'n Afrikaanse dagblad (Scholtz, 2009:4) berig: 'n Twaalfjarige meisie het in 'n hof teen haar voormalige skoolhoof getuig. Hy het haar by verskeie geleenthede betas en het tereggestaan op aanklagte van onsedelike aanranding op vier meisies tussen die ouderdomme van 10 en 12 jaar.

Die beskuldigde se regsverteenvoerder het een van die meisies ondervra oor haar aanvanklike verklaring, wat volgens hom 'n bietjie minder as die helfte van die aantygings vervat het as dié wat in die hof gemaak is. Die meisie het geantwoord dat sy net 10 jaar oud was toe die verklaring afgelê is en “[m]y kop het so deurmekaar gehardloop. My ma was hartseer, my tannie was hartseer...” Die staatsaanklaer het reageer deur te meld dat daar nie van die dogter verwag kan word om te verduidelik hoekom die polisieverklaring van 'n bladsy en 'n half nie al die inligting bevat nie. Dit kom egter voor asof die staatsaanklaer nie in staat was om aan die hof te verduidelik **waarom** daar 'n diskrepansie was tussen die eerste verklaring en latere getuienis nie. Hierdie berig versterk ook die hipotese dat die verskil in die slagoffer se verklaring ter verdediging van die beweerde oortreder in die hof gebruik word. Richter, Dawes en Higson-Smith (2004:299) sê in hierdie verband: “*The relationship of the prosecutor with the complainant is critical to the successful outcome of a case.*”

Die Suid-Afrikaanse Konvensie oor die Regte van Kinders (SA, 1989), asook die Kinderwet, 38/2005 (SA, 2005) maak voorsiening daarvoor dat 'n regspraktisyn op staatsonkoste aan die kind beskikbaar gestel word, en dat die beste belang van die kind te alle tye voorrang moet geniet in enige saak rakende die kind. Hierdie beginsel word in Artikel 27 gemeld: “...*calls for legislative, administrative, social and educational measures to protect children from all forms of inhuman or degrading treatment ...*” In baie gevalle is dit egter juis die regstelsel wat die kind moet beskerm wat hom of haar verder verneder en blootstel tydens die verhoor. Laasgenoemde word bevestig deur die Wet op Seksuele misbruik, 32/2007 (SA, 2007).

Shäfer, soos aangehaal deur Strous (2007:223) verwys na die beste belang van die kind as “*an overriding principle that runs like a golden thread through the fabric of South African Law relating to children is that their best interest are paramount ... The constitution however does not explicate precisely what constitutes best interest...*” Die term ‘*best interest of a child*’ of ‘die beste belang van die kind’ word nie deur alle betrokkenes dieselfde geïnterpreteer nie. Howe het 'n komplekse taak om die beste belang van die kind te bepaal, aangesien daar nie 'n maklike manier is om te bepaal presies wat wel in die beste belang van die kind is nie (Mahlobogwane, 2005:30). Wat presies in die ‘beste belang van die kind’ is, is onderworpe aan 'n legio aspekte, onder meer die kind as individu, die ontwikkelingsfase waarin die kind hom of haar bevind, en die spesifieke situasie waarbinne bepaal moet word wat in die kind se beste belang is (Warshak, 2007:124).

Talle bronne in die literatuur fokus op die beste belang van die kind in die geval van egskeiding (Mahlobogwane, 2005:30-34; Strous, 2007:223-244; Warshak, 2007:119-125). The Children's Act, 38/2005 (SA, 2005) soos gewysig, bespreek in hoofstuk 2 artikel 7, die "*Best interests of child standard*". Alhoewel dit 'n baie omvattende bespreking is, word daar steeds nie direk verwys nie na die beste belang van die kind wat 'n slagoffer is van misdaad (waaronder seksuele misdrywe), of die verantwoordelikheid van die regsisteem om toe te sien dat ook in hierdie gevalle die beste belang van die kind voorrang moet geniet.

In die praktyk geniet die beste belang van die regstelsel of van die oortreder voorrang bo die beste belang van die kind. Waterhouse (2008:34) asook Conradie (2003:5) spreek kritiek uit oor so 'n benadering en noem dat die howe altyd in gedagte behoort te hou dat die slagoffer nie die een is wat teregstaan nie, maar die beweerde oortreder. Spies (2006:148) lewer soos volg kommentaar: "*It remains important that perpetrators of such crimes (sexual offences) be brought to justice so as to empower survivors of sexual abuse. The courts need to remain determined to protect the equality, dignity and freedom of all children in South Africa.*". Beide die slagoffer en die oortreder se Grondwetlike Regte moet beskerm word (SA, 1996).

Alhoewel die SOGA-eenhede in baie streke in Suid-Afrika werksaam is wat spesifieke riglyne ten opsigte van die hantering van kinders in sake van seksuele misbruik volg, word die riglyne in baie howe steeds nie korrek geïmplementeer nie. Cealers (2007:4) sê in hierdie verband die volgende: "*South Africa is moving in the opposite direction to the rest of the world in its bid to crack down on child sexual offenders.*" Statistiek ten opsigte van skuldigbevindings in sake van seksuele misbruik teen kinders in Suid-Afrika, is buitengewoon laag: "*Research into conviction rates in 2000 showed that the true conviction rate (convictions as a proportion of cases reported and recorded) for rape against children was 9%*" (Waterhouse, 2008:32). Waterhouse (2008:32) meld verder dat die persentasie skuldigbevindings vir seksuele misdrywe teen kinders gedurende 2003 slegs 8.79% was. Volgens dieselfde outeur (2008:32) het die Departement van Justisie gedurende 2006/2007 slegs statistiek van die totale aantal skuldigbevindings vir alle misdade gedurende daardie tydperk. Aangesien die skuldigbevindings nie volgens kategorieë opgebreek is nie, is die persentasie skuldigbevindings in sake van seksuele misdrywe teen kinders vir 2006/2007 onbekend.

Conradie (2003:2) berig dat die algehele persentasie skuldigbevindings en vonnisse in Suid-Afrika in daardie tydperk slegs 7% beloop het. Dit sluit skuldigbevindings en vonnisse vir seksuele misdrywe teen kinders in.

Die bogenoemde lae aantal skuldigbevindings kan volgens die navorser 'n aanduiding wees dat staatsaanklaers en landdroste nie oor genoegsame kennis beskik om die kind te beskerm en as getuie voor te berei nie. Vrees vir wat tydens die verhoor wag kan ook veroorsaak dat die slagoffer die saak terugtrek: *"The low reporting levels of child sexual abuse suggest that people are still reluctant to break the taboos and risk the stigma associated with sexual abuse"* (Spies, 2006:106). Burman (2003:5) is egter van mening dat die stilmaak van kinderstemme in hierdie verband reeds begin lánk voordat die saak in die hof verskyn. Wanneer die saak egter wél in die hof voorkom, kan gebrekkige kennis aan die kant van die staatsaanklaer veroorsaak dat hy of sy nie die beweerde oortreder se verdediging behoorlik kan konfronteer en sodoende in die beste belang van die kind optree nie. 'n Onvoldoende kennisbasis van beide die staatsaanklaer en die landdros ten opsigte van die dinamika van seksuele misbruik en die effek daarvan op die kind, het 'n effek op die verloop van die kriminele saak. Richter et al. (2004:294) bevestig hierdie siening: *"Given the scale of sexual offences against children in South Africa, skills in prosecuting such cases need urgently to be extended to every court in the country."*

Baie klem word in beide regs- en maatskaplike werk literatuur gelê op die beskerming van die kind teen seksuele misbruik, kindervriendelike howe en die geskiktheid van die kind as getuie. In hierdie verband word die Community Agency for Social Enquiry (SA 2005:iii) aangehaal: *"For the effective prosecution of offenders it is necessary for a comprehensive legislative framework that conforms to the rights of children as provided by the Constitution, to be in place ... Dealing with sexual offences against children also requires specialized training and all those responsible for working with sexual offences should receive training in working with traumatized children..."* Baie min inligting is egter beskikbaar oor die geskiktheid van staatsaanklaers om die kind effektief te beskerm in die hof, 'n kwessie wat Richter et al. (2004:299) beklemtoon: *"The prosecution service is understaffed and the caseload of prosecutors makes it very difficult for them to give the kind of attention that the children's supporters demanded and received in this case."* Dikwels word daar toegelaat dat inkriminerende vrae aan die kind gestel word.

2. NAVORSINGSVRAAG

Uit die voorafgaande probleemformulering ontstaan die volgende navorsingsvraag:

Beskik Staatsaanklaers en Landdroste oor genoegsame geïntegreerde kennis ten opsigte van:

- a) die aard van verhouding tussen die kind en beweerde oortreder; en
- b) die diskrepanse wat mag voorkom in die kind se aanvanklike verklaring en die laaste verklaring?

Met die term 'geïntegreerde kennisbasis' word bedoel die proses waartydens nuwe inligting deel word van 'n bestaande kennisbasis en wat te eniger tyd herroep kan word.

Diskrepanse word gesien as 'n verskil tussen konflikterende feite; onreëlmatigheid, een of meer onverwagte response, verskil of wanbalans.

3. DOELSTELLING

Die doel van hierdie ondersoek was om landdroste en staatsaanklaers se geïntegreerde kennisbasis van die kind as getuie in die hof te bepaal.

4. DOELWITTE

Die doelwit van hierdie ondersoek was om te bepaal of landdroste en staatsaanklaers oor genoegsame kennis beskik ten opsigte van:

- die verhouding tussen die kind en die beweerde oortreder;
- die diskrepanse in die eerste en latere verklarings van die kind.

5. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Indien staatsaanklaers en landdroste oor voldoende kennis en insig beskik oor seksuele misbruik kan hulle in hofsake meer effektief optree in die beste belang van die kind.

6. NAVORSINGSMETODIEK

Hierdie ondersoek is onderneem deur middel van 'n literatuuroorsig en empiriese studie.

6.1 Literatuuroorsig

'n Omvattende studie is gemaak van literatuur wat spesifiek of in 'n breëre konteks van toepassing is op die navorsingsonderwerp. Volgens Fouché en Delpont (2005:123) dra dit by tot 'n beter begrip van die aard en betekenis van die geïdentifiseerde probleem. Die hantering van kriminele sake van seksuele misbruik teen jong kinders is iets wat tans baie aandag geniet. Daar is omvattende literatuur beskikbaar ten opsigte van verskeie aspekte van hierdie aangeleentheid. Literatuur wat spesifiek fokus op die veld wat in hierdie studie ondersoek word, gebaseer op die Suid-Afrikaanse konteks, was baie beperk. Die literatuurstudie het die relevansie van hierdie ondersoek bevestig.

Die Ferdinand Postma-Biblioteek van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom-Kampus, is as hulpbron benut om literatuur en inligting te bekom. Verskeie artikels in vaktydskrifte soos *Codicillus*, *CARSA*, *Journal for Juridical Science*, *Maatskaplike Werk/Social Work* en ander geakkrediteerde vaktydskrifte is bestudeer. Navorsingspublikasies, boeke en dagblaaie is geraadpleeg. Internet-inligting is bekom deur middel van professionele en geakkrediteerde webtuistes en databasisse soos Social Work Abstracts, NEXUS, Repertorium van Suid Afrikaanse tydskrifartikels en SABINET.

6.2 Empiriese ondersoek

Die navorsing is gedoen in ooreenstemming met die aspekte wat hieronder bespreek word:

6.2.1 Navorsingsontwerp

Mouton, soos aangehaal deur De Vos *et al.* (2005:132) beskryf die navorsingsontwerp as “*a plan or blueprint of how you intend conducting the research*”. Daar is om die volgende redes gebruik gemaak van die kwalitatiewe navorsingsmetode: Hierdie was 'n onbekende terrein van navorsing; die navorser wou die werklike wêreld van staatsaanklaers en die realiteit van gebeure in houe verstaan en die geïntegreerde kennisbasis van regslui ten opsigte van die kind as getuie bepaal; en hier was 'n rykdom van data wat ingesamel moes word. Die insameling van data was 'n holistiese proses.

Die navorser het gebruik gemaak van onderhoudvoering om die data in te samel. Tydens hierdie ondersoek is gebruik gemaak van die gerigte onderhoud.

Greef (2003:297) verduidelik: *"When employing this approach for interviewing, a basic checklist is prepared to make sure that all relevant topics are covered. This approach is useful for eliciting information about specific topics."* Die onderhoudvoerder het haar daarvan weerhou om aan die respondente leiding te gee en het gesorg dat die onderhoud gefokus bly op die spesifieke onderwerp, soos aanbeveel deur Strydom (1999:119). Greef, soos aangehaal deur De Vos *et al.* (2005:287) beklemtoon dat die kwaliteit van die onderhoud en inligting wat bekom word, afhang van die vaardighede van die onderhoudvoerder. Die navorser se ondervinding in maatskaplike werk tegnieke van onderhoudvoering het vaardigheid met onderhoudvoering verseker.

6.2.2 Navorsingsprosedure

Eerstens is toestemming by die nodige gesagspersone van die Departement Justisie verkry om die onderhoudskedule te volg met betrokke landdroste (by die president van die Streekhof) en staatsaanklaers (by die hoofaanklaer van die Nelspruitse Streeksgebied). Die doel van die navorsings-onderhoud is aan respondente verduidelik en toestemming is by elke respondent verkry om onderhoud op band te neem. Met behulp van 'n bandopname kon inligting baie meer volledig afgeneem word aangesien die inligting te omvattend was om aantekeninge te maak. Greef (2003:304) se voorskrif dat *"[t]ape recorders should ... be placed inconspicuously so as not to unnerve the participant or novice researcher"* is gevolg. Alle respondente het baie gemaklik gevoel met die gebruik van die bandopnemer en was geensins daardeur ontsenu nie.

Die navorser se ondervinding tydens die onderhoud kon Strydom (1999:120) se mening dat die persoonlike onderhoud voordele het bó die posvraelys, bevestig. Ondanks 'n baie druk werkskedule was al die respondente bereid om 'n persoonlike onderhoud toe te staan. 'n Posvraelys sou juis as gevolg van die werksdruk waarskynlik eenkant geplaas en vergeet word. 'n Verdere voordeel van die gerigte onderhoud was dat inligting oor die algemeen goed georden was en die response van die respondente kon volgens kategorieë geklassifiseer word.

Die navorser het beleef dat dit nie so maklik vir respondente is om 'n persoonlike onderhoud te manipuleer nie, terwyl dit makliker sou wees om 'n vraelys te manipuleer. Respondente kon nie die korrekte antwoorde op vrae gaan soek soos wanneer hulle 'n vraelys voltooi nie.

Elke respondent het uit die aard van sy of haar eie geïntegreerde kennisbasis geantwoord. Dit het tot die wetenskaplikheid en korrektheid van die navorsing bygedra.

6.2.3 Deelnemers

Daar is gebruik gemaak van twee regs persone wat deur die hof en hul kollegas as deskundiges op die gebied van seksuele misbruik van kinders beskou word, om insette te gee ten opsigte van die geskiktheid van die onderhoudskedule. Verder is sewe staatsaanklaers en drie landdroste van streekhoeve in die Nelspruitse Streekafdeling by die ondersoek betrek. Name van respondente is van die senior aanklaer bekom en hierdie espondente het 'n breë spektrum van ondervinding, kundigheid en blootstelling ten opsigte van sake rakende die seksuele misbruik van kinders ingesluit. Gerigte onderhoude met hierdie respondente is op band geneem.

6.2.4 Meetinstrument

Tydens die ondersoek is gebruik gemaak van selfopgestelde gestruktureerde skedules wat dit moontlik gemaak het om vas te stel wat die geïntegreerde kennis van staatsaanklaers en landdroste is ten opsigte van die twee aspekte wat in hierdie ondersoek nagevors is.

Die strukturering van die vraelys is gedoen in samewerking met die navorser se studieleier, prof. C. Wessels. Daar is ook gebruik gemaak van die insette van kundiges met die finalisering van die onderhoudskedule.

6.2.5 Etiese aspekte

Die volgende etiese aspekte, soos bespreek deur Strydom (Strydom, 2011:115-121) was veral van toepassing op hierdie projek en is aangespreek:

- Respondente is ingelig oor die doel van die navorsing asook die publikasie van bevindinge;
- Die navorser het nie ingedring in die respondente se privaatheid nie en respondente se identiteit word vertroulik gehou.
- Die navorser beskik oor die nodige vaardighede en bevoegdhede om die navorsing uit te voer.

- Toestemming is van die toepaslike gesag binne die Departement van Justisie verkry en voorsiening is daarvoor gemaak dat daar nie uit die ooreenkoms bepaalde etiese kwessies ontstaan nie.
- Dit is van belang dat bevindinge skriftelik aan die leserspubliek bekend gestel word, anders is die navorsing van geen waarde nie. Die navorser het onderneem om 'n kopie van hierdie skripsie aan die nodige senior respondente te oorhandig.
- Etiese goedkeuring is van die Etiese Komitee van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-Kampus) verkry – Etieknommer: NWU-00027-09-A1.

6.2.6 Dataverwerking

Daar is gebruik gemaak van die kwalitatiewe metode van dataverwerking, soos omskryf deur Creswell (2009:4): *“This process of research involves emerging questions and procedures, data typically collected in the participant’s settings, data analysis inductively building from particulars to general themes, and the researcher making interpretations of the meaning of the data.”* Die navorser het die data self verwerk. Onderhoude met respondente is op band geneem en deur die navorser getranskribeer. Daarna is alle geïdentifiseerde temas gelys en temas en subtemas is geselekteer.

7. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Die begrippe wat van toepassing is in hierdie manuskrip, word vervolgens omskryf:

Seksuele misbruik

Spies (2006:44) omskryf seksuele misbruik as volg: *“Sexual abuse can broadly be defined as any action that violates, humiliates or exploits, or attempts to violate, humiliate or exploit, the bodily integrity or dignity of the complainant which has an element of sexual nature.”* 'n Verdere omskrywing van seksuele misbruik word gevind in Finkelhor en Korbin (aangehaal deur Richter *et al.*, 2004:99): *“any sexual contact between an adult (as socially and physically defined) and a sexually immature child for purposes of the adult’s sexual gratification; or any sexual contact to a child made by the use of force, threat, or deceit to secure the child’s participation; or sexual contact to which a child is incapable of consenting by virtue of age of power differentials and the nature of the relationship with the adult”.* Die navorser het egter vir die doel van hierdie ondersoek, Spies (2006:44) se definisie verkies. Finkelhor en Korbin maak melding van 'n *“sexually immature child”*.

'n Kind is egter 'n kind en seksuele omgang met 'n persoon wat wetlik nog as 'n kind beskou word, is 'n kriminele oortreding, ongeag van die feit of die kind seksueel ryp en liggaamlik volwasse is, al dan nie.

Kind as getuie

The Letic Law Library (2010) definieer 'n getuie as volg: *"[A] person who comes to court and swears under oath to give truthful evidence"*. 'n Kind word as volg omskryf in die Konvensie oor die Regte van die Kind, Art 1 (SA, 1989:211): *"every human being below the age of 18 years unless under law applicable to the child, majority is attained earlier"*. 'n Kind as getuie kan dus gedefinieer word as 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar, wat in die hof onder eed sweer om die waarheid te vertel.

Staatsaanklaer

Die term 'staatsaanklaer' word as volg omskryf deur Venter (2009): *"Public prosecutors present criminal cases in court, on behalf of the state. They are employed by the Department of Justice. Public prosecutors work indoors, either in a court when prosecuting, or in an office when studying a police docket. While in court, a public prosecutor is expected to bring evidence against the accused to prove that the alleged crime was committed by the accused."*

Artikel 16(1) van die Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag (SA, 1998:12) meld die volgende rakende die aanstelling van aanklaers: *"Prosecutors shall be appointed on the recommendation of the National Director or a member of the prosecuting authority designated for that purpose by the National Director, and subject to the laws governing the public service."*

Landdros

In die *South African Career Focus Magazine* (2006:1) word onderskei tussen 'n landdros en 'n streekslanddros. Die term 'landdros' word daarin as volg omskryf: *"A magistrate is a judicial officer with limited authority to administer and enforce the law. A magistrate's court usually has jurisdiction in both civil and criminal cases. Duties of magistrates vary according to the extent of their jurisdiction and powers. Responsibilities include overseeing the legal process in courts, ensuring that trials and hearings are conducted fairly and that the court safeguards the legal rights of the parties involved."*

Die *South African Career Focus Magazine* (2006:1) omskryf die term 'streekslanddros' op die volgende wyse:

A regional magistrate is essentially a judge, who sits in a regional magistrate's court and hears cases. It is usually an honour bestowed on senior advocates who have shown the necessary acumen in dealing with cases in a fair way. A regional magistrate presides in court on a daily basis. He/she must listen to the evidence presented by the State and the defence and then has to decide whether the State has proven its case beyond reasonable doubt. Judgment must then be delivered and if a conviction follows, an appropriate sentence must also be imposed. Regional magistrates only deal with serious criminal matters such as rape, murder, robbery, house-breaking etc.

8. BESPREEKING VAN DIE EMPIRIESE DATA

Gedurende die gerigte onderhoud met die respondente is daar van 'n onderhoudskedule gebruik gemaak. Agt vrae is aan die respondente gevra. Die eerste twee vrae is van toepassing op die respondente se opleiding en ervaring. Vrae 3 tot 8 het spesifiek gefokus op die navorsingsvraag, naamlik: Beskik staatsaanklaers en landdroste oor genoegsame geïntegreerde kennis ten opsigte van:

die aard van verhouding tussen die kind en beweerde oortreder; en

die diskrepansie wat mag voorkom in die kind se aanvanklike verklaring en die laaste verklaring?

Uit elkeen van die agt vrae in die onderhoudskedule het temas na vore gekom wat vervolgens bespreek word. Die temas word bespreek met die nodige aanhalings van respondente se presiese woorde en word gestaaf met literatuur.

8.1 Vraag 1 in onderhoudskedule:

Het u enige spesifieke opleiding ten opsigte van die hantering van sake van seksuele misbruik van kinders? Indien wel, spesifiseer.

Die volgende tema het na vore gekom: Landdroste en staatsaanklaers het nie genoegsame opleiding vir hul taak in seksuele misdrywe teen kinders nie.

Ek het twee een-dagkursusse bygewoon wat van toepassing was op seksuele misbruik van kinders.

Ek het geen opleiding ontvang in hierdie verband nie.

Ek het twee jaar gelede 'n opleidingskursus deurloop.

Dit blyk dat die meerderheid respondente se opleiding ten opsigte van die hantering van kinders in sake van seksuele misbruik baie beperk is. Die vraag ontstaan dus of enkele kursusse in hierdie verband genoegsaam is om landdroste en staatsaanklaers in staat te stel om met kundigheid op te tree in die beste belang van die kind wat seksueel misbruik word. Mengel (2008:28) het bevind dat regspraak nie spesifieke opleiding ontvang ten opsigte van die hantering van kindersake nie en nie oor genoegsame kennis beskik ten opsigte van kind as getuie in die hof nie. Müller (2001:8) is ook van mening dat regsgeleerdes geen opleiding ontvang in kinderontwikkeling nie en ook nie oor die ervaring beskik om met kinders te kommunikeer in so 'n gespesialiseerde konteks nie. Die dinamika agter die seksuele misbruik van kinders is omvattend en intens. Die regstelsel waarbinne beide die kind en die oortreder op regverdig en billike behandeling aanspraak maak, is kompleks en dikwels intimiderend. Dit is daarom van kardinale belang dat beide die landdros en die staatsaanklaer wat met sulke sake werk oor die nodige kennis moet beskik. Navorser se opinie in hierdie verband, is 'n bevestiging van die mening van Richter *et al.* (2004:294): *“Given the scale of sexual offences against children in South Africa, skills in prosecuting such cases need urgently to be extended to every court in the country.”* Die navorser se benadering is onder meer gebaseer op Spies (2006:151) se beskouing dat waar die staatsaanklaer of landdros nie oor die nodige kennis beskik nie, hulle met sielkundiges, maatskaplike werkers en, waar nodig, ook lede van die mediese beroep behoort te konsulteer.

Die realiteit is dat Suid-Afrika 'n land is met 'n hoë misdadafsyfer. Sake van seksuele misbruik van kinders is maar een kategorie van kriminele sake wat aandag verg. Die navorser is van mening dat kinderslagoffers van seksuele misbruik totaal weerloos is en dat hulle ly as gevolg van 'n misdaad wat deur 'n volwassene teen hulle gepleeg is. Die kind het geen verweer teen sodanige misbruik nie en behoort spesialis-intervensie en beskerming te ontvang binne die regstelsel. Spies (2006:148) se siening is eweneens dat dit belangrik is *“ that perpetrators of such crimes (sexual offences) be brought to justice so as to empower survivors of sexual abuse. The courts need to remain determined to protect the equality, dignity and freedom of all children in South Africa.”* Die ideal bly dus steeds gespesialiseerde howe vir sake van seksuele misbruik van kinders.

Met betrekking tot spesiale howe vir sake van seksuele misbruik van kinders, het een van die respondente die volgende kommentaar gelewer:

“Waarom moet daar spesialis-howe wees vir die verhoor van seksuele misbruik sake? Dan moet daar spesialis-howe wees vir die verhoor van ander misdade ook soos moord en bedrog. Waarom kan een groep slagoffers aanspraak maak op spesialis-howe, maar ander slagoffers nie?” Hierdie vraag is seker geregverdig. Die hofrolle is vol en landdroste en staatsaanklaers het nie die tyd en dikwels ook nie die energie om in spesifieke misdrywe te spesialiseer nie, soos Richter *et al.* (2004:299) opmerk: “*The prosecution service is understaffed and the caseload of prosecutors makes it very difficult for them to give the kind of attention that the children’s supporters demanded and received in this case.*” Die navorser het egter bevind dat, alhoewel respondente se kennisbasis onvoldoende is, daar werklik empatie en deernis vir die jong slagoffers van seksuele misbruik is, en dat respondente alles in hul vermoë doen om die kind sekondêre trauma te spaar tydens die verhoor. Sekondêre trauma word dikwels veroorsaak deur die oortreder se regsplan wat die kind onder kruisverhoor neem. Müller (2001:8) meld in hierdie verband: “*It would not be possible to insist that defence counsel be trained, and it is the defence counsel who is responsible for conducting cross-examination.*”

8.2 Vraag 2 in onderhoudskedule:

Hoe gereeld hanteer u sake van seksuele misbruik van kinders?

Vraag 2 in die onderhoudskedule is ‘n baie belangrike opvolg op vraag 1 omdat die navorser wou vasstel hoe dikwels respondente met sake van seksuele misbruik van kinders werk in vergelyking met die opleiding wat hulle daarvoor ontvang. Die tema wat duidelik na vore gekom het was dat respondente op ‘n baie gereelde basis met hierdie sake werk, ongeag van die feit of hulle deeglike opleiding ontvang het al dan nie.

Die volgende tema het na vore gekom: Respondente werk op gereelde basis met sake van seksuele misdrywe teen kinders.

Ek werk al amper 10 jaar met sulke sake.

Ek het nou vir amper vyf jaar met hierdie sake gewerk.

Ek is nou al amper 27 jaar ‘n landdros en het van vroeg af in my loopbaan hiermee te doen gekry, egter aanvanklik nie op ‘n gereelde basis nie. Die afgelope vyf jaar werk ek op ‘n daaglikse basis daarmee.

Die respondente se jare ervaring met seksuele misbruik sake strek tussen 2 en 27 jaar.

Uit die respondente se response op vraag 1 in die onderhoudskedule het dit geblyk dat hul opleiding in hierdie verband nie voldoende is nie, alhoewel die response op vraag 2 daarop wys dat respondente baie dikwels met sake van seksuele misbruik teen kinders werk. 'n Vraag ontstaan dus oor die effektiewe hantering en uitkoms van sulke sake in die kriminele hof. Dit is daarom te verstane dat die Convention of the Rights of the Child (SA, 1989:211) bevind het dat sekere aspekte van die kriminele regstelsel tot verdere viktimisering van jong slagoffers van seksuele misbruik lei en dat die saak steeds nie voldoende aangespreek word nie:

Many of these aspects have been dealt with by the South African Law Commission. However, there is still no guarantee that these issues will be the subject of law reform and, even if they are, that the reforms will be effectively implemented if enacted.

8.3 Vraag 3 in onderhoudskedule:

Hierdie onderhoudskedule het spesifiek gehandel oor die kind in die middelkinderjare, 6 – 10 jaar. Wat weet u in die algemeen van hierdie ouderdom kind? Deel u kennis ten opsigte van die volgende:

- kind se taalvaardighede en verstandelike ontwikkeling,
- begrip van tyd, plek, getalle en hoeveelhede (aantal kere)
- begrip van woorde

Die volgende vyf temas het ten opsigte van die kind se taalvaardigheid en verstandelike ontwikkeling na vore gekom:

Tema 1: Taalvaardigheid en verstandelike ontwikkeling verskil van kind tot kind.

Hang van individu tot individu af. Jy kan nie eintlik groeperings maak nie.

Elke kind het ook maar sy eie verstandelike ontwikkeling op sy eie verstandelike peil.

Some are very good. It depends on the IQ.

Uit die respondente se terugvoer blyk dit dat hulle van mening is dat taalvaardigheid van kind tot kind verskil, en dat dit van die kind se verstandelike vermoëns afhang. Kinders is nie almal op dieselfde vlak van taalontwikkeling gedurende die middelkinderjare nie. Hierdie feit word beklemtoon word deur Louw en Louw (2007:106): *“Hoewel die koppeling van ‘n spesifieke fase van taalontwikkeling aan ‘n spesifieke ouderdom nuttig is ten opsigte van die riglyne wat dit verskaf, moet dit met omsigtigheid gedoen word as gevolg van individuele verskille wat voorkom.”*

Louw en Louw (2007:107) is verder van mening dat die taalontwikkeling van gedepriveerde kinders in benadeelde gemeenskappe beduidend minder is, maar dat die gemiddelde sewejarige kind 'n woordeskat van 10 000 woorde het. Alhoewel taalontwikkeling gedurende die middelkinderjare stadiger is as tydens die vroeë kinderjare, vind daar steeds betekenisvolle taalontwikkeling en taalverfyning plaas (Louw & Louw, 2007:220).

Alhoewel al die die respondente begrip getoon het vir die individuele ontwikkeling van kinders, was nie een van hulle in staat om uit te brei op wat die normale taalvaardigheid vir 'n kind in die middelkinderjare is nie. Respondente se antwoorde was vaag en hoofsaaklik gemeet aan hulle eie kinders se vermoëns. Mengel (2008:29) het ook bevind dat regslui nie die nodige kennis van die taalontwikkeling van die kind het nie. Die vraag ontstaan dus of respondente binne die konteks van 'n hof in staat sal wees om te weet wanneer 'n vraag aan 'n kind in die middelkinderjare bo sy of haar begrip en taalvaardigheid is. 'n Kind in die middelkinderjare toon steeds 'n groot onvermoë tot abstrakte denke en kan meestal nog nie oor idees dink of in terme van 'n hipotese redeneer nie (Potgieter, 2003a:19). 'n Kind sal dus tydens kruisverhoor nie kan antwoord op 'n hipotetiese vraag nie. Hipotetiese vrae kan begin met: "Sou dit moontlik kon wees dat ..." of "Kon dit dalk gebeur het dat...". Sulke vrae kan die kind geweldig verwar en daarom is dit belangrik dat die staatsaanklaer genoegsame kennis moet hê om teen sulke vrae te betoog. Müller (2000:21) sê in hierdie verband die volgende: *"Hypothetical questions also create a great deal of difficulty for children. These are questions which require children to evaluate a situation, a skill which they do not develop until at least ten years of age."*

Nagia-Luddy en Waterhouse (2009:35) bevestig dat die eise wat in die hof aan kindergetuies gestel word dikwels onrealisties is in verhouding met die kind se kognitiewe en emosionele ontwikkeling. 'n Verdere aspek van taalontwikkeling wat regslui in gedagte behoort te hou, is dat onvoldoende taalontwikkeling kan meebring dat 'n kind eenvoudig nie die woordeskat het om oor die seksuele misbruik te praat nie.

Tema 2: Taalvaardigheid en verstandelike vermoë word gekoppel aan skoolbywoning, ouers en opvoeding.

Verskeie respondente het die moontlikheid van skoolbywoning of aard van skoolonderrig genoem as faktore wat die kind se taalvaardigheid beïnvloed.

Die respondente was van mening dat stedelike skole dikwels beter onderrig verskaf as skole in landelike gebiede, en dat dit 'n realiteit is dat baie kinders nie die geleentheid het om skole by te woon nie.

School. That's when they start to interact and are able to sit and listen.

... en dan natuurlik skool. Dit het 'n negatiewe invloed op taalvaardigheid. Skole is nie meer wat dit was nie ...

Die kind se taalvaardigheid hang af van waar hy vandaan kom en wat hul skoolopvoeding was. Minderbevoorregte kinders is agter wat dit betref.

Louw, van Ede en Louw (1998:330) bevestig dat die bywoning van 'n skool 'n aansienlike bydrae lewer tot die kind se kognitiewe ontwikkeling. Nie alle kinders in Afrika het die geleentheid om skool te gaan. Daarbenewens verskil die kwaliteit van skoolonderrig. Louw *et al* (1998:330) dui op die moontlike gevolge van hierdie situasie: *“Mens kan daarom verskille verwag in die kognitiewe ontwikkeling van kinders wat skoolgaan en dié wat nie skoolgaan nie. Verder wissel die kwaliteit van skole en dit kan verder bydra tot verskille in kognitiewe prestasie.”* Gedepriveerde kinders of kinders uit agtergeblewe gemeenskappe het dikwels ook nie die geleentheid om kleuterskole by te woon nie en raak agter in hulle ontwikkeling vanweë 'n gebrek aan intellektuele stimulasie (Louw & Louw, 2007:107). Die navorser is van mening dat 'n gebrek aan stimulasie 'n besliste effek op taalontwikkeling het. Die realiteit in Suid-Afrika is dat, as gevolg van die Vigs-pandemie, talle kinders aan die hoof van 'n huishouding staan. Nie net word hierdie kinders dikwels die geleentheid ontnem om skool by te woon nie, maar hulle is ook verantwoordelik om dié wat wel skoolgaande is, met huiswerk te help – 'n taak waarvoor hulle nie bevoeg is nie.

Die respondente was van mening dat ouers en opvoeding in dieselfde asem as skoolbywoning genoem kan word en 'n baie belangrike positiewe óf negatiewe rol speel in die ontwikkeling van taalvaardigheid.

Baie kinders se taal is swak want ouers stimuleer nie meer die kinders nie en vertel nie meer stories nie. Baie kinders se ouers werk en die kind bly by die uitgebreide familie waar daar nie individuele aandag is nie.

Baie kinders het beter taalvaardigheid want die ouerhuis was beter. Dis hoekom konsultasies so belangrik is. As die aanklaer nie met die kind konsulteer nie, weet hy nie op watter vlak die kind is nie. Dalk is die kind sewe jaar maar sy taalvaardigheid is dié van 'n vyfjarige. Dit bepaal die tipe vraag wat jy gaan vra.

Kinders word deur hulle ouers sekere woorde geleer ...

Die respondente se opinie dat die skool, ouers en opvoeding 'n besliste effek op die kind se taalontwikkeling het, stem ooreen met die literatuur. Pancsofar en Vernon-Feagans (2010:110) het bevind dat die vader 'n baie groot invloed het op die taalontwikkeling van die kind tussen twee en drie jaar oud. Waar die vader 'n gevarieerde woordeskat gebruik het, het die kind 'n baie beter taalontwikkeling getoon. Verdere studies deur Pancsofar en Vernon-Feagans (2010:451) het getoon dat die moeder se opvoedkundige vlak 'n groter rol speel as dié van die vader met betrekking tot die taalontwikkeling van die kind: *“Higher levels of mother education are associated with more advanced language development and ... mothers with higher levels of education talk and interact more with their children in ways that are related to more advanced child language development in comparison to less educated mothers.”* Beide ouers het egter 'n invloed op die kind se taalontwikkeling, aangesien kinders volwasse taal naboots. Hierdie nabootsing en ontwikkeling word verder gestimuleer wanneer ouers en kinders saam stories lees (Pancsofar *et al.*, 2010:452). Die navorser is van mening dat 'n ouer se kommunikasie met die kind alreeds voor geboorte moet begin. Indien 'n ouer toegewyd is aan die kind, kwaliteit tyd saam spandeer en voortdurend met die kind kommunikeer, sal die positiewe effek daarvan ook deurvloei na die kind se spraak, taalgebruik en woordontwikkeling.

Tema 3: Taalvaardigheid: verskil tussen seuns en dogters

Die respondente was oorwegend van mening dat daar verskille bestaan tussen seuns en dogters ten opsigte van taalvaardigheid en die vermoë om hulself verbaal uit te druk. Respondente se opinies het egter verskil:

I have worked with both sexes, but to me it appears as if girls are maybe not shy, but more comfortable. The girls speak a lot more than the boys do.

Hulle sukkel om goed te verwoord en raak skaam, veral dogtertjies, Afrikaanse dogtertjies.

As dit by meisies kom: op 'n stadium raak hulle skaam, op 'n stadium nie. Seuns is dieselfde.

Louw *et al.* (1998:66) beweer dat die kind se geslag grootliks die aktiwiteite bepaal waarby hy of sy betrokke is en dit beïnvloed weer die gesprekke wat die ouers met die kind voer.

Wanneer 'n dogtertjie met poppe speel, lok dit meer verbale interaksie tussen ouer en kind uit, terwyl daar minder verbale interaksie is wanneer 'n seuntjie met karretjies speel. Dogtertjies kry dus meer geleenthede as seuns om taalvaardighede aan te leer deur spraak en gehoor. Potgieter (2009c:1) bevestig dat deur gereeld met 'n kind te praat, die spesifieke gedeelte in die brein ontwikkel word en effektief kan funksioneer. Louw *et al.* (1998:66) meen dat vroue meer verbaal is as mans. Long (2009:1) plaas nie die fokus op die kind se geslag nie, maar beklemtoon dat elke kind verskil. Hy noem egter dat dogtertjies oor die algemeen makliker taalvaardighede aanleer. Dit is nietemin belangrik om in gedagte te hou dat seksuele misbruik 'n uitwerking het op kognitiewe vaardighede (Meyers *et al.*, 2002:61). Tomoda *et al.* (2009:643) beklemtoon hierdie feit: *“Childhood abuse has been associated with volume loss in the hippocampus, corpus callosum and prefrontal cortex...”*

Tema vier: Die kind se begrip van tyd, plek, getalle en hoeveelhede is vaag en onduidelik.

Hulle sal nie presies kan sê dit was drie-uur in die middag nie, maar hulle kan sê dit was middag.

Dit hang af van ontwikkeling. Meeste van die tyd het hulle nie begrip van verlede, tyd, plek of gister nie. Dit bestaan nie op daai stadium nie maar hulle kan gewoonlik vir jou sê: Toe ons by die see was. Maar hulle kan nie sê dit was ses maande of twee dae terug nie.

Dis vir hulle onmoontlik om te sê watter tyd, plek, datum. Hulle onthou Kersfees en hulle onthou verjaarsdag, maar dis sover as wat die dae en weke gaan. Hulle het nie 'n begrip of dit 'n week of twee weke gelede was nie.

Dit is van kardinale belang dat respondente oor genoegsame kennis moet beskik ten opsigte van die kind se begrip van tyd, plek, getalle en hoeveelhede. Uit die response blyk dit dat respondente van mening is dat kinders nie oor die vermoë beskik om begrippe soos tyd, plek, getalle en hoeveelhede weer te gee nie.

Respondente se stellings dat die kind se begrip van tyd, plek, getalle en hoeveelhede vaag en onduidelik is, is in ooreenstemming met die literatuur. Louw en Louw (2007:24) bevestig dat die kind tussen die ouderdom 7 en 11 jaar logiese denke begin ontwikkel, maar dat dit slegs op werklike, konkrete voorwerpe toegepas kan word, en dat abstrakte denke steeds tot 'n groot mate afwesig is. Potgieter (2003b:12) voer aan dat kinders nie werklik 'n konsep van tyd en plek het voordat hulle 10 jaar oud is nie.

Volgens Walker (2000:4) ondervind kinders tussen 7 en 10 jaar steeds probleme om komplekse vrae te verstaan en word inligting nie noodwendig in volgorde weergegee nie. Aan die begin van die middelkinderjare is kinders geneig om woorde wat konsepte soos tyd, afstand en hoeveelhede, omskryf, te gebruik sonder dat hulle enige begrip daarvan het. Selfs kinders van 11 jaar en ouer sukkel steeds om tyd as 'n historiese én huidige konsep te begryp. Hul begrip van tyd hou dikwels verband met die hiér en nóú. Vrae ten opsigte van tyd, plek, getalle en hoeveelhede kan selfs vir volwassenes verwarrend wees in 'n stresvolle milieu soos die hof. Dit is nog meer verwarrend vir die kind. Hierdie stelling sluit aan by Müller (2000:21) se siening: *“The vagueness, deliberate or otherwise, of cross-examiners in phrasing questions contributes to the confusion experienced by children.”*

Tema 5: Die kind se begrip van woorde is nog besig om te ontwikkel.

Their language is really not fully developed, this is a child. They start to differentiate between words, but not with accuracy, not really good.

They know lots of words. They have the vocabulary but don't know the meaning of half the words.

Hulle is nog op die pad van ontwikkeling tot volwasse vlak van taalgebruik en kommunikasie.

Ten opsigte van die kind se begrip van woorde was die respondente dit eens dat die kind se taal in hierdie stadium nog besig is om te ontwikkel, wat aandui dat die respondente insig het in die feit dat woordbegrip nog onvolledig is in die middelkinderjare. Wanneer die kind onder kruisverhoor is, word die onvolledige woordbegrip dikwels nie in ag geneem nie. Müller (2000:21) bevestig dat die taal wat tydens kruisverhoor gebruik word dikwels kompak is en dat baie inligting in 'n enkele vraag omvat word. Die navorser is van mening dat die respondente wat by hierdie studie betrek is, genoegsame kennis het van die onvolledigheid van die kind se taal en woordbegrip, en dat die respondente in staat sal wees om tydens kruisverhoor teen vrae te betoog wat bo die kind se ontwikkelingsvlak is. Wanneer staatsaanklaers en landdroste saam met kinderslagoffers van seksuele misbruik in die hof verskyn, behoort hulle Walker (2000:6) se woorde te onthou: *“DO remember: This is a child. Children are not short adults. Try to listen to the proceedings with a child's ears.”*

8.4 Vraag 4 in onderhoudskedule:

Vertel my meer van die kind se geheue, veral ten opsigte van:

- die geheue-span;
- geheue van persoonlike belewenisse;
- die kind se vermoë om insidente in geheue te herroep.

Die een sentrale tema wat met hierdie vraag na vore gekom het, was dat trauma 'n effek het op die kind se geheue-span, asook op sy geheue van persoonlike belewenisse en die kind se vermoë om insidente in die geheue te herroep. Al die aspekte wat in vraag 4 van die onderhoudskedule gevra is naamlik: die kind se geheue-span, die kind se geheue van persoonlike belewenisse, asook die kind se vermoë om insidente in geheue te herroep is omvat in die een sentrale tema wat deurlopend voorgekom het, naamlik die effek van trauma op die kind se geheue.

Die algemene tema wat na vore gekom het, is die effek van trauma op die kind se geheue:

Ek dink seksuele goed kan hulle taamlik goed herroep. Omdat dit so traumatiese ding is onthou hulle sulke goed.

My ondervinding met die kleintjies: omdat dit so traumatiese belewenis is, onthou hulle dit partykeer baie goed.

Kind kan nie dinge van lank terug onthou nie, tensy daar trauma was.

As kind spesifiek betrokke is, sal hy dit kan herroep, anders nie. Dis net die trauma-deel wat hy kan herroep.

Die meeste respondente was van mening dat kinders traumatiese gebeure met sukses kan onthou en weergee. Tydens die literatuurstudie wat die navorser onderneem het, het dit na vore gekom dat kundiges verskillende opinies huldig oor slagoffers se vermoë om trauma te onthou en te herroep. McNally (2003:1) som dit as volg op:

How victims remember trauma is the most divisive issue facing psychology today. Some experts believe that rape, combat and other horrific experiences are engraved on the mind, never to be forgotten. Others believe that the mind protects itself by banishing traumatic memories from awareness, making it difficult for many people to remember their worst experiences until many years later.

McNally (2003:45) verwys ook na studies wat daarop dui dat kinders 'n baie goeie geheue het, en dat die kind se verbale weergawe van gebeure baie minder is as dit wat die kind wel onthou. Louw (2005:19) is ook van mening dat kinders baie meer kan onthou as wat hulle kan verwoord. Volgens McNally (2003:274) kan die mens wel gebeure wat intens traumaties is, onthou, behalwe in gevalle waar die gebeure tydens die mens se eerste twee lewensjare plaasgevind het, óf as die persoon breinskade het. Potgieter (2003b:1), daarenteen, voer aan dat 'n enkele oorweldigende insident van trauma permanente breinverandering en verandering in die geheuesisteem teweeg kan bring. Tomoda, *et al.* (2009:642) ondersteun hierdie siening: *"Exposure to abuse ... is a major risk factor for psychopathology. Childhood abuse has been associated with volume loss in the hippocampus, corpus callosum and prefrontal cortex ..."*

Die effek van trauma op die geheue asook op die werking van die brein is geweldig kompleks. Alhoewel dit nie die fokuspunt van hierdie tema is nie is dit nodig dat dit bespreek word om die konteks van geheue te verstaan. Volgens McNally (2003:28) verwys 'geheue' na die mens se vermoë om inligting te verkry, te behou en te gebruik en kan dit ook verwys na *"the neuro-cognitive mechanisms mediating these processes, to the content of the information itself, or to the subjective experience of reliving our past, which is essential to our sense of personal identity"* (McNally, 2003:28). McNally (2003:27) noem ook dat psigo-biologiese meganismes wat dit vir 'n persoon moontlik maak om angwekkende en traumatiese gebeure te onthou, dalk drasties mag verskil van dié wat dit vir 'n persoon moontlik maak om alledaagse gebeure te onthou. Verder moet daar onderskei word tussen die 'outobiografiese geheue' en die 'traumatiese geheue'. Die 'outobiografiese geheue' is die geheue wat gebeurtenisse wat in die verlede plaasgevind het, kan herroep. Die 'traumatiese geheue' stoor inligting gefragmenteerd in die brein. Volgens Potgieter (2003c:4) blyk dit dat die 'traumatiese geheue' nie willekeurig herroep kan word nie, maar dat gewone gebeurtenisse wat plaasgevind het, wel willekeurig herroep kan word. In 'n geval van erge trauma kan dit gebeur dat die brein dissosieer.

Die ideaal is dat 'n kind se verklaring van seksuele misbruik so spoedig moontlik afgeneem word. Daardie verklaring sal baie meer volledig en akkuraat wees as wanneer tyd reeds verloop het. Müller (2002:12-15) noem verskeie voorbeelde waar kinders se weergawe van gebeure baie meer akkuraat was kort ná die gebeure as later.

Müller (2002:12) maak spesifiek melding van 'n vyfjarige kind wat 14 maande ná die insident nie in staat was om die feite van die insident te onthou nie. 'n Agtjarige kind was nie in staat om te getuig oor wat vier jaar vantevore gebeur het nie. 'n Verdere studie met sesjarige kinders en negejarige kinders het getoon dat hulle 'n dag ná die insident die gebeure goed kon weergee, maar nie ná vyf maande nie.

Die rede waarom die meeste respondente van mening was dat 'n kind juis traumatiese insidente met sukses herroep, vereis verdere navorsing. Dit gebeur dikwels dat die kind as gevolg van trauma nie in staat is om detail van die insident te herroep nie. Die risiko bestaan dat, wanneer 'n kind nie in staat is om detail van die insident te herroep nie, regslui tot die gevolgtrekking kan kom dat die kind 'n leuen vertel en dat seksuele misbruik nie plaasgevind het nie. Die volgende vrae ontstaan: Wat gebeur met die sake van kinders wat nie in staat is om die insident van misbruik sodanig te herroep dat daar voldoende feite vir 'n hofsaak is nie? Is dit slegs dié kinders wat wel in staat is om detail te herroep, en taalvaardig genoeg is om dit te vertel, wat by die staatsaanklaer en die landdros uitkom? Vanwaar die veralgemening dat die meeste kinders traumatiese belewenisse baie goed kan onthou? Alhoewel hierdie risiko wel bestaan, kan daar nie van regslui verwag word om genoegsame kennis te hê van die effek van trauma op die kind se geheue nie. Daarom behoort regslui in sake van seksuele misbruik teen kinders gebruik te maak van die kundigheid van forensiese maatskaplike werkers of forensiese sielkundiges, wat wel oor sodanige kennis beskik.

8.5 Vraag 5 in die onderhoudskedule:

Wanneer seksuele misbruik tydens hierdie spesifieke lewensfase plaasvind, wat is volgens u opinie die 'normale' of 'natuurlike' optrede van die kind teenoor die oortreder?

Twee temas het na vore gekom in die respondente se antwoorde:

Tema 1: Die kind tree verskillend op teenoor die oortreder met wie die kind bekend is, en die oortreder met wie die kind nie bekend is nie.

Ek dink dit kom neer op wie die oortreder is. As dit iemand is wat naby die gesin is, is dit baie keer óf ontrekking, óf hulle spandeer te veel tyd saam. Die oortreder raak 'n obsessie by die kind.

Dit hang af wie die oortreder is. As dit die pa is, gaan die kind altyd terug na die pa toe. Want later by misbruik is daar 'n 'connection of love.

Waar die oortreder onbekend is aan kind, kan die kind dalk onmiddellik rapporteer en die saak aanmeld. As dit iemand bekend is, sal die kind altyd voel daar is 'n verbintenis tussen hulle.

Hang af wie die oortreder is. As dit 'n familielid is, is dit baie moeiliker as wanneer dit iemand van buite is.

Die meerderheid respondente het die opinie gehuldig dat wanneer die oortreder bekend is aan die kind, daar 'n mate van emosionele verbintenis tussen hulle sal wees. Volgens Potgieter (2003b:19) word die meeste kinders binne gesinsverband misbruik, of buite gesinsverband deur bekende persone. Feldhaus, Houry en Kaminsky (2000:36) het bevind dat 'n groot persentasie van seksuele misdrywe deur iemand gepleeg word wat aan die slagoffer bekend is. Gedurende die 1990's het Sorenson en Snow 'n studie gedoen met 630 kinders wat seksueel misbruik is. Hulle het bevind dat 97% van kinders misbruik is binne direkte gesinsverband óf deur lede van die uitgebreide gesin, óf deur 'n persoon wat die kind geken en vertrou het. Geeneen van die kinders is deur 'n vreemdeling misbruik nie. Onlangse navorsing bevestig Sorenson en Snow se bevindinge. In 'n studie gedoen deur Draucker en Martsolf (2008:1038) het die meeste van die deelnemers genoem dat die misbruik dikwels gepleeg is deur iemand wat veronderstel was om die kinders te beskerm en te versorg. Volgens die National Child Traumatic Stress Network (2009) word meer as die helfte van kinders wat seksueel misbruik word, deur 'n vader of direkte familielid misbruik (dit sluit familievrinde of persone wat aan die kind bekend is, uit.) Dit is dus duidelik dat daar meestal 'n emosionele verbintenis tussen die kind en die oortreder bestaan omdat die oortreder bekend is aan die kind. Hierdie tendens veroorsaak dat dit baie moeiliker is vir die slagoffer om die misbruik aan te meld. Goodman-Brown, Edelstein, Goodman, Jones en Gordon (2003:532) voer aan dat “... *victims of intrafamilial abuse may be more concerned than extrafamilial abuse victims about betraying a parent or about potential punishment as a result of their disclosure. They may also fear family disruption if they disclose or feel that they are at least partially to blame for their abuse.*” In die praktyk het die navorser beleef dat polisie-beamptes, veral in die landelike gebiede, dikwels ook onderskeid tref in sake waar die beweerde oortreder aan die slagoffer bekend is en waar nie. In gevalle waar die oortreder aan die slagoffer bekend is, is die polisie soms huiwerig om 'n verklaring af te neem en word die slagoffer dikwels aangeraai om die saak met die oortreder te gaan opklaar.

Conradie (2003:3) sê hieroor: *“Where a relationship exists between the perpetrator and the victim, the police tend not to investigate and prosecute the case, irrespective of the age of the girl. They are viewed as a false charge of rape.”*

Tema 2: Kind se verwagte optrede of reaksie teenoor die oortreder sal gegrond wees op vrees, skuldgevoelens en skaamte.

Scared. They (the children) are so scared of him (the perpetrator). When there’s any contact between the child and the perpetrator, it becomes so traumatic for them.

Mixed feeling. Fear, anger, mistrust, betrayal. If the perpetrator was a male person, the child won’t trust another male person.

Behalwe dat hulle (kinders) skuldig voel oor wat met hulle gebeur het, voel hulle ook skuldig omdat die ou (oortreder) dalk tronk toe kan gaan. Dis skuldgevoelens wat die kind nie kan verwerk.

Die respondente het gevoelens van skuld, vrees, en skaamte geïdentifiseer as die kind se verwagte reaksie teenoor die oortreder. Alhoewel hierdie emosies geïdentifiseer word by seksueel misbruikte kinders, kenmerk hierdie emosies nie altyd hul reaksie op die oortreder nie. Die verhouding tussen die kind en die oortreder is kompleks, veral waar die oortreder aan die kind bekend is en die misbruik reeds ‘n geruime tyd aangaan. Met seksuele misbruik integreer die kind sekere boodskappe en daardie boodskappe bepaal die kind se optrede teenoor die oortreder en die res van die wêreld. Potgieter (2000b:33) bevestig hierdie siening: *“Therefore, as a result of the sexual abuse, a child who has been sexually abused will internalise certain information that will influence that child’s behaviour.”* Alvorens die boodskappe wat die kind tydens die seksuele misbruik geïntegreer het nie bekend is nie, kan daar nie ‘n aanname gemaak word oor wat die kind se verwagte optrede teenoor die oortreder sal wees nie. Die navorser is van mening dat dit baie gevaarlik sou wees indien regslui die optrede van die kind teenoor die oortreder gebruik as indikator van seksuele misbruik al dan nie. Die moontlikheid bestaan wel dat wanneer die kind deur ‘n vreemdeling seksueel misbruik of verkrag is, vrees en ang die waarskynlike reaksie teenoor die oortreder sou wees.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat die kind se optrede teenoor die oortreder nie noodwendig vrees en ang is nie. Wat egter wel vrees en ang by die kind veroorsaak, is die hofmilieu waarbinne die kind die oortreder sien. Binne daardie milieu is die taal en gebruike vreemd, en die kind word onderwerp aan kruisverhoor.

Volgens Müller (2000:18) ervaar kinders stres wanneer hulle in 'n hof moet getuig, en hierdie stres vererger wanneer die kind verplig word om in die aanwesigheid van die beskuldigde te getuig.

8.6 Vraag 6 in die onderhoudskedule:

Indien die optrede van die kind teenoor die oortreder dan anders is as wat u verwag het, waaraan sou u dit toeskryf?

Ek sal dit toeskryf aan onkunde en onvoldoende sosiale opvoeding. 'n Oom verkrag sy suster se kind vir twee jaar, maar intussen gee hy vir haar lekkers en vat haar na plekke toe en koop vir haar klere. Dis 'n kind wat een keer per dag kos kry. Dan gaan sy toegeneentheid toon omdat sy ook iets kry.

If the child is not scared of the perpetrator ... that will be strange. That will be very strange. It depends on a number of things: some perpetrators groom the children. They gain their trust. They will make their victim believe that what's happening is not wrong. It's very rare, but it does happen.

Sometimes it's relatives, someone who cared for the child and whom the child trusted and loved. And then they promise to continue to care for the child.

As dit 'n familieverbintenis is dink ek mens moet half verwag dat die kind alles in haar vermoë gaan doen om die oortreder te beskerm.

Die grootste aantal respondente het lank oor hierdie vraag gedink. Dit kom voor asof dit nie deel is van hul verwysingsraamwerk dat die kind se reaksie op die oortreder enigiets anders as vrees, skuldvoelens of skaamte kan wees nie. Die realiteit is dat, in geval van seksuele misdrywe, die oortreder dikwels aan die slagoffer bekend is. Smallman (2010b:2) meld die volgende in hierdie verband: *“In general, rape statistics for SA have gone up over the past 5 years and the police have warned that it normally happens among people who know each other.”* Omdat daar weens bekendheid dikwels 'n liefdesverbintenis tussen die kind en die oortreder bestaan, gaan nie alle kinders met ang en vrees teenoor die oortreder reageer nie. Wanneer die misbruik reeds vir 'n geruime tyd voortgaan, kan jong kinders geseksualiseerde gedrag toon teenoor die oortreder. Hierdie stelling word bevestig deur Faller (2003:195): *“Children who have experienced sexual abuse may have been socialized by their offenders to behave in ways that can be interpreted as invitations to sexual activity.”*

‘n Verdere aspek wat die kind se optrede teenoor die oortreder beïnvloed, is die volgende: as gevolg van die duur van die misbruik en die verwronge boodskap van liefde wat die kind daardeur integreer, kan sommige kinders die misbruik tot ‘n mate aanvaarbaar vind en selfs geniet. Faller (2003:194) beam dit: *“Moreover, because of their anomalous socialization and early exposure to sex, sexually abused children may expect, accept and/or experience some pleasure from sexual interactions with older persons.”*

Die verhouding tussen die kind en die oortreder is ‘n ingewikkelde situasie wat verder tot die kompleksiteit van hofsake bydra: *“Close relationship between victims and offenders often add further layers of complexity to case management. Various forms of specialised support are required for proper case management to assist children in the Criminal Justice Court who have been sexually violated”* (Faller, 2003:194). Dit is dus van kardinale belang dat landdroste en staatsaanklaers oor die nodige kennis moet beskik van die dinamika agter die kind se optrede teenoor die oortreder. In die praktyk kan dit gebeur dat die oortreder se regsvertegenwoordiger die toegeneentheid wat die kind teenoor die oortreder toon as pleidooi vir onskuld gebruik. Daar kan aangevoer word dat die kind tog nie verheug sou wees om iemand te sien wat hom/haar seermaak nie. ‘n Kundige staatsaanklaer of landdros kan dus verhoed dat die kind se optrede teenoor die oortreder misbruik word om die oortreder se onskuld te bewys. In geen saak behoort daar aangevoer te word dat die kind ‘n aandeel het aan die misbruik nie. Faller (2003:195) ondersteun hierdie standpunt: *“Nevertheless, the contribution of the child should never be viewed as the primary cause of sexual abuse.”*

8.7 Vraag 7 in die onderhoudskedule:

Daar is dikwels verskille in die eerste en latere verklarings van die kind. Latere verklarings het meer of minder detail, ander name word bygevoeg en die tyd waarop die insident plaasgevind het, kan verskil. Waaraan sou u dit toeskryf? Indien moontlik, lig enige verdere aspekte uit waarop verklarings soms verskil, en gee u rede vir daardie verskille.

Twee temas het na vore gekom in hierdie vraag:

Tema 1: Onbevoegdheid van personeel by die aanklagkantoor

Die respondente was van mening dat die grootste probleem ontstaan by die afneem van die eerste verklaring by die polisiekantoor en dat die meerderheid personeel in die aanklagkantoor grootliks onbevoeg is:

My ondervinding is dat die eerste verklaring gewoonlik deur 'n onkundige persoon geneem word, iemand wat in die (polisie)stasie werk.

Dis 'n onkundige persoon wat die verklaring vat. Waar begin 'n saak? In die aanklagkantoor. Nie een van daai beamptes in die aanklagkantoor is gespesialiseer nie.

Baie van hulle (polisiebeamptes in aanklagkantoor) se taalvaardighede is baie swak, en hulle skryfvaardighede is baie swak en nou word die kind gekritiseer oor spelfoute en woorde wat ingesit is wat die kind nie eers verstaan nie.

Die respondente was van mening dat die onvolledigheid van die eerste verklaring toegeskryf moet word aan die onbevoegdheid van die personeel by die aanklagkantore. Die herinstelling van die kinderbeskermingseenhede behoort hierdie probleem aan te spreek. 'n Berig in 'n plaaslike koerant het bevestig dat sodanige eenhede weer heringestel gaan word (Smallman, 2010b:1):

Child Protection units will be re-established in the police from this week after their controversial dismantling at the end of 2008. The minister of police, Mr Nathi Mthethwa's office distributed a letter last Tuesday, stating that the family violence, child protection and sexual offences (FCS) units would be re-established from today (June 1) and would be fully operational by April 2011. According to the chief director of communication for the police ministry, Mr Zweli Mnisi, the closure of the specialized unit might have contributed to the escalation of crimes against women and children in the country. He said that traumatized victims needed police officers who are compassionate and can investigate cases until they are finished. The unit will work closely with the National Prosecuting Authority, the Department of Justice and social workers.

Dit kan moontlik 'n lang en tydsame proses wees alvorens personeel voldoende opgelei is en elke aanklagkantoor in die land oor 'n kundige persoon beskik om verklarings af te neem. Alhoewel hierdie 'n stap in die regte rigting is, was die ontbinding van die eenhede in die eerste plek 'n groot tragedie vir slagoffers van seksuele misdrywe.

'n Aspek wat moontlik tot die volledigheid van verklarings kan bydra, is die slagoffer-impakverslag. Clarke, Davis en Booyens (2003:43) definieer die slagoffer-impakverslag as volg:

A victim impact statement is made by crime victims expressing the impact the crime has had on them or their families. It is, in short, a summary of the harm or trauma suffered by the victim as a result of the crime and it provides the court with information on how the victims' life was before the crime and how it has changed. Victim impact statements differ from the general victim testimony in court in the sense that it allows victims to personalise the crime and to articulate the pain, anguish and financial devastation the crime has caused.

Die impakverslag kan aanvullend tot die polisieverklaring wees en daarin gee die slagoffer in sy of haar eie woorde die uitwerking van die misdryf op sy of haar eie lewe weer. Die polisieverklaring maak net voorsiening vir feite, terwyl die slagoffer nodig het om emosies ook te kan weergee. 'n Baie groot deel van die effek wat misdaad op die slagoffer het, is emosioneel van aard. Die slagoffer-impakverklaring maak voorsiening vir die weergee van emosionele trauma. So 'n verklaring mag moontlik bydra tot beter begrip vir die slagoffer binne die hele spektrum van die kriminele regstelsel, ook vir jong slagoffers. Indien 'n kind kognitief en emosioneel in staat is om so 'n verklaring te skryf, sal dit kan dit bydra tot die verwerking van die trauma en moontlik ook tot groter empatie binne die hof.

Ten opsigte van die diskrepansie in eerste en latere verklarings van seksuele misbruik, was respondente van mening dat dit belangrik is om bekend te wees met die proses wat 'n verklaring deurloop alvorens die saak in die hof verskryn. Die meeste respondente was van mening dat dit hierdie proses is wat diskrepansies in verklarings tot gevolg het. Die proses verloop as volg:

- 'n Eerste verklaring word by die polisiekantoor afgelê.
- 'n Tweede verklaring word aan die ondersoekbeampte gedoen.
- Konsultasies vind plaas met die aanklaer; leemtes in die verklaring word uitgewys.
- Die ondersoekbeampte gaan neem op versoek van die aanklaer 'n verdere verklaring.

- 'n Afskrif van die verklaring word aan die verweer verskaf. Die verweer het ook toegang tot die dossier.
- Op grond van die verweer se kommentaar op die verklaring is dit soms nodig om 'n derde verklaring af te neem.

Een respondent het die proses as volg verduidelik:

Dis 'n proses voordat die verklaring uiteindelik by die hof kom. Jy het 'n A1-verklaring, wat baie swak is. Beampte in aanklagkantoor was nie baie lus om dit te doen nie, of hy was moeg, of dit was laat in die dag en die volgende skof moet aan diens kom. Dan kom die verklaring by die aanklaer. Aanklaer trek die verklaring uitmekaar, dui tekortkominge aan en aanvullende verklaring word gevat. Nou het daar 'n paar dae verloop. Kind het met klomp mense gepraat, klomp mense het goed gesê wat kind gehoor het en nou word daar goed bygevoeg of weggelaat of anders gesê en nou het jy 'n tweede verklaring. Daai verklaring word aan die verdediging gegee en hulle het ook insae in die verklaring. Baie keer word daar 'n derde verklaring gevat want nou kom die verweer met iets soos 'toestemming', of 'dit was 'n ander persoon'. Nou gaan dit terug na die kind toe vir 'n derde verklaring. Aan die einde van die dag sit jy met twee, drie verklaringe wat in wese van mekaar verskil. Aan die einde van die dag gaan dit daarvoor dat die hof een van die twee moet glo. En wie gaan die hof nou glo: die polisieman wat sê hy het sy werk gedoen, of die kind wat sê hy het nie? Dis wat gebeur.

Die respondente se terugvoer ten opsigte van die situasie en personeel by die klagtekantoor was nie net negatief nie. Daar bestaan begrip vir die feit dat sommige van die frustrasie by die aanklagkantoor toegeskryf moet word aan blote roetine en deel van die realiteit. Dit word nie noodwendig aan onbevoegdheid toegeskryf nie:

Normaalweg is die polisie baie haastig, want hierdie getuie moet by die hospitaal uitkom.

Tyd speel ook 'n rol by die polisieostasie. Skofte word geruil ensovoorts, so, daar is normaalweg nie baie inligting in die eerste verklaring van die slagoffer nie.

Tema 2: Trauma, vrees en skaamte by die kind ten tye van die eerste verklaring

Die respondente was van mening dat die emosies van die kind ten tye van die eerste verklaring, trauma, vrees en skaamte is:

Sometimes the child is so afraid, she cannot talk, especially to the police. But later she can talk to the prosecutor or intermediary.

Aan die begin is die skok te erg, maar nou was daar 'n tydperk waarin die kind dit kon begin verwerk, so is kind dan ook meer op sy gemak met die neem van die latere verklaring.

By die eerste verklaring is dit bitter min dat daar met die kind self gepraat word, en dis 'n vreeslike traumatiese ervaring vir die kind om nou polisiestatie toe gesleep te word deur ma of wie ook al, en nou moet 'n verklaring afgelê word.

Die respondente het begrip getoon vir die vrees, trauma en skaamte wat die kind tydens die aflê van die eerste verklaring beleef. Dikwels is dit juis die trauma, vrees en skaamte wat die kind beleef wat hom of haar daarvan weerhou om die misbruik te openbaar, veral in gevalle van bloedskande (Goodman-Brown *et al.*, 2003:528). In 'n ondersoek deur Wieland in die 90's is bevind dat kinders sekere boodskappe integreer tydens seksuele misbruik: traumatiese seksualisering, verraad, magteloosheid en stigmatisering; en dat hierdie boodskappe die kind se geloofstelsel en optrede beïnvloed. Onlangse navorsing deur Filipas en Ullman (2006:653) bevestig Wieland se bevindinge. Dit is dus te verstane dat 'n kind wat sodanige boodskappe integreer het, emosies van vrees en skaamte sal beleef ten tye van die aflê van die verklaring. Hierdie emosies en vrese verdwyn ook nie die oomblik wanneer die verklaring afgelê word nie, maar is steeds intens by die kind aanwesig. Goodman-Brown *et al.* (2003:532) het 'n studie gedoen met 132 seksueel misbruikte kinders wat die negatiewe gevolge van openbaarmaking van seksuele misbruik gevrees het. Elf persent van die kinders het gevrees dat openbaarmaking negatiewe gevolge vir ander kan inhou, 37% van die kinders het gevrees dat hulle self onder die gevolge gaan ly, en 8% het die gevolge gevrees wat openbaarmaking vir die oortreder kan inhou. Volgens hierdie studie het kinders wat gevrees het dat die openbaarmaking van die misbruik negatiewe gevolge vir ander mag inhou, langer geneem om die misbruik te openbaar (Goodman-Brown *et al.*, 2003:533). Dikwels is dit die vrees vir verwerping, die vrees vir negatiewe reaksie van ander en die vrees om geblameer te word vir die misbruik wat slagoffers daarvan weerhou om misbruik te openbaar (Ullman, 2003:90). Hierdie komplekse emosies wat die kind ervaar, tesame met die gepaardgaande vrees vir die onbekende, veroorsaak trauma en verwarring by die kind, en dit is hierdie emosies wat steeds aanwesig is ten tye van die aflê van die eerste verklaring.

Die manier waarop die kind tydens die openbaarmaking of eerste verklaring hanteer word, beïnvloed die mate van stres en trauma wat die kind beleef (Wasserman, 2000:2). Die navorser ondersteun hierdie standpunt en is van mening dat slagoffer-vriendelike fasiliteite en kundige personeel in die aanklagkantoor kan daartoe kan bydrae om die vrees, angs en onsekerheid van beide die kind en die persoon wat hom of haar vergesel, te verminder.

8.8 Vraag 8 in die onderhoudskedule:

Openbaarmaking van seksuele misbruik is 'n proses wat beïnvloed word deur aspekte soos die kind se geslag en ouderdom; verstandelike vermoëns; en vorige seksuele misbruik. Watter ander faktore het 'n effek op die proses van openbaarmaking?

Ten opsigte van die faktore wat 'n invloed op die proses van openbaarmaking het, het die volgende twee temas na vore gekom:

Tema 1: Vertroue en geloofwaardigheid

Vertroue. As die kind in 'n vertrouensposisie is met 'n persoon, is dit baie makliker om te vertel as iets gebeur het. As kind nie iemand het wat hy kan vertrou nie, is daar nie 'n manier wat hy gaan vertel nie.

Confidence, trust. Does the child really trust you, how does she feel in your presence?

As kind vry voel om te praat oor die misbruik, op enige stadium, en voel sy gaan geglo word en nie weggegooi word of weeshuis toe gaan nie, gaan ons makliker "disclosures" kry.

Die respondente was van mening dat kinders seksuele misbruik makliker sal openbaar in 'n milieu waarin hulle voel dat hulle die persoon kan vertrou, en beleef dat hulle geglo word. Die literatuur bevestig hierdie standpunt, asook die feit dat sodanige omstandighede kan meewerk tot die slagoffer se emosionele genesing: *"The victim's recovery will be enhanced if he or she feels believed, supported, protected ... However: sexual assault victims should always have the choice about when, with whom and under what conditions they want to disclose their experiences"* (United States, 2001:2).

Een van die respondente het gemeld dat die proses van openbaarmaking vir die kind makliker sal wees indien sy die versekering kry dat sy nie "weggegooi sal word of in die weeshuis beland nie".

Die realiteit is egter dat die moontlikheid bestaan dat 'n kind wel uit sy of haar omstandighede verwyder gaan word wanneer die seksuele misbruik openbaar word. Daar moet te alle tye in die beste belang van die kind opgetree word en soms vereis dit onmiddellike verwydering van die kind uit die situasie. Daar kan ongelukkig nie altyd aan die kind die versekering gegee word dat hy of sy nie uit die omstandighede gaan weggeneem word wanneer misbruik openbaar word nie. In 'n poging om die kind se vertroue te wen, is dit in die praktyk dikwels die polisiebeampte of staatsaanklaer wat sodanige versekering aan die kind gee terwyl dit nie haalbaar is nie. Wanneer sodanige kind dan detail van die seksuele misbruik onthul en wel verwyder word, word die kind se vertroue verder geskok.

Tema 2: Ouers speel 'n belangrike rol in die proses van openbaarmaking van seksuele misbruik.

Die respondente was van mening dat ouers 'n positiewe óf 'n negatiewe rol speel in die proses van openbaarmaking.

Ouer se verhouding met kind. As jy 'n baie streng ouer het, gaan die kind nie maklik praat nie. As die ouer en kind 'n gemaklike, oop verhouding het, gaan die kind makliker praat.

Sometimes she will disclose to the mother, but the mother will be afraid to do something because she knows she might lose her husband or boyfriend, or even her shelter.

Ma wil dalk nie hê die skande moet oor die familie kom nie. Of sy is bang die pa hou op onderhoud betaal (as misbruik openbaar gemaak word).

Die respondente was van mening dat openbaarmaking van die misbruik makliker sal geskied indien die ouer die kind glo. Soms is dit egter die ouer wat die proses om persoonlike redes boikot. Die respondente het die opinie gehuldig dat dit geweldig traumaties is vir 'n kind as die volwassene (dikwels 'n ouer) aan wie die misbruik openbaar is, hom of haar nie glo nie. Die kind openbaar dikwels die misbruik aan die nie-oortredende ouer in die hoop dat die ouer sal optree. Wanneer 'n kind die misbruik aan die nie-oortredende ouer openbaar en dan beleef dat sy nie geglo word nie, is die gevoel van verraad baie meer intens, as wanneer die kind beleef dat die nie-oortredende ouer haar glo en ondersteun. Richter et al. (2004:239) meld in hierdie verband: *“The child struggles to reconcile their private experiences with the disbelief, blame and rejection that often accompany disclosure of abuse to adults. Adults may accuse the child of lying, manipulation or imagining the event.”*

Die navorser is van mening dat die respondente oor 'n goeie kennisbasis beskik ten opsigte van die rol wat die ouer speel in die openbaarmaking van seksuele misbruik. In die praktyk het die navorser dikwels beleef dat die nie-oortredende ouer haar eie emosies beleef en nie die kind beskerm en ondersteun nie. Dit ontmagtig die kind en versterk die trauma, soos een respondent in hierdie verband beklemtoon het:

Glo die ouer die kind? Dit het 'n onmiddellike effek. Want as die persoon wat die kind vertrou en liefhet haar nie glo nie, hoe gaan 'n aanklaer of landdros haar glo?

9. GEVOLGTREKKING

- Respondente wat deel was van die navorsingstudie het 'n profiel verteenwoordig van staatsaanklaers en landdroste in die Nelspruit-streek. Die resultate kan van toepassing gemaak word op staatsaanklaers en landdroste in die breëre Mpumalanga-streek.
- Al die respondente het deernis, empatie en begrip getoon vir kinderslagoffers van seksuele misbruik en was baie positief ingestel teenoor die studie. Hulle wou graag deelneem en hulle was oop en eerlik.
- Die meerderheid respondente se opleiding in sake van seksuele misdrywe teen kinders, indien enige, was 'n geruime tyd gelede en onvoldoende.
- Ten tyde van die ondersoek het die meerderheid respondente meer as vyf jaar ondervinding gehad in sake van seksuele misdrywe teen kinders. In die algemeen kan die kennisbasis van die respondente ten opsigte van die kind as getuie in die hof as bevredigend, maar nie voldoende nie, beskou word. Praktiese ervaring in die hof vergoed tot 'n mate vir die leemte in opleiding in hierdie verband.
- Kennis ten opsigte van die ontwikkelingsfases en mylpale van 'n kind in die middelkinderjare word gesien as noodsaaklik vir lede van die regsberoep. Respondente het oor basiese kennis beskik maar spesifieke kennis het ontbreek. Dit kom voor asof die meeste respondente hulle eie kinders of dié van familie in gedagte gehad het met die beantwoording van die spesifieke vraag.
- Die respondente was dit eens dat die kind se begrip van tyd, plek, getalle en hoeveelhede vaag en onduidelik is, en dat die taal en woordeskat van 'n kind in die middelkinderjare nog nie volledig ontwikkel is nie.

Verskeie respondente het genoem dat dit belangrik is om op die kind se vlak te kommunikeer. Dit blyk dat al die respondente werklik moeite doen om te kommunikeer op 'n vlak wat vir die kind verstaanbaar is.

- Die meeste respondente was daarvan bewus dat die kind in die middelkinderjare se begrip van tyd, plek, getalle en hoeveelhede vaag en misleidend kan wees.
- Die meerderheid respondente was van mening dat die kind insidente van seksuele misbruik goed sal kan herroep en oorvertel, juis as gevolg van die trauma daaraan verbonde. Nie al die literatuur ondersteun hierdie stelling nie. Die risiko bestaan dat wanneer 'n kind nie in staat is om detail te herroep nie, juis as gevolg van die trauma en die effek daarvan op die breinwerking en geheue, die gevolgtrekking deur regslui gemaak kan word dat die kind 'n leuen vertel en dat seksuele misbruik nie plaasgevind het nie.
- Die respondente het begrip getoon vir die feit dat die kind se reaksie teenoor die oortreder gaan verskil waar die oortreder aan kind bekend is, en waar dit 'n vreemdeling is. Slegs 'n klein groepie respondente het egter begrip getoon vir die feit dat die kind in die middelkinderjare ook blydskap kan toon wanneer hy of sy met die oortreder in kontak kom, omdat daar dikwels wel 'n liefdesband tussen die kind en die oortreder is. Kommer ontstaan oor die moontlikheid dat wanneer respondente sulke gedrag waarneem tydens sake van seksuele misbruik teen kinders, hulle tot die gevolgtrekking mag kom dat misbruik nie werklik plaasgevind het nie, omdat die kind se gedrag anders is as wat algemeen verwag word, naamlik dat hy of sy vrees en afsku toon by aanskoue van die oortreder.
- Die meerderheid van die respondente was van mening dat die diskrepansie tussen eerste en latere verklarings hoofsaaklik toegeskryf moet word aan onbekwame personeel by die aanklagkantore. Alhoewel respondente kennis dra van die feit dat daar ander bydraende faktore is in die proses van openbaarmaking, was hulle van mening dat minder aanvullende verklarings nodig sou wees indien die eerste verklaring goed afgeneem is.
- Die respondente het bevredigende kennis getoon van die proses van openbaarmaking, alhoewel daar 'n kennisleemte is ten opsigte van die feit dat openbaarmaking ook 'n nie-verbale proses is en nie net verbaal nie.

- Die doel van hierdie ondersoek was om die kennisbasis van staatsaanklaers en landdroste te bepaal ten opsigte van (1) die aard van die verhouding tussen die kind en die beweerde oortreder en (2) die diskrepansie wat mag voorkom in die kind se aanvanklike verklaring en die laaste verklaring.
- Die navorser het die doel van die studie bereik. Spesifieke kennisleemtes kon geïdentifiseer word wat aangespreek kan word in 'n opleidingsprogram, naamlik dié ten opsigte van kinderontwikkeling, trauma en geheue asook die verhouding tussen die kind en die oortreder.
- Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die repondente wat by hierdie ondersoek betrek is werklik die beste belange van die kind op die hart dra, alhoewel die respondente se kennisbasis soos uiteengesit in die navorsingsvraag nie voldoende is nie. Die realiteit is egter dat hierdie spesifieke inligting nie deel is van regs- of voorgraadse opleiding nie. Geleenthede tot nagraadse gespesialiseerde opleiding in die veld van seksuele misdriewe teen kinders is dikwels nie volop nie en die koste daaraan verbonde is hoog.
- Tydens die ondersoek het dit geblyk dat regs- of voorgraadse opleiding wat spesifiek met sake van seksuele misbruik teen kinders werk, sekondêre trauma beleef en hulp in hierdie verband sou verwelkom. Die hulp wat die Departement van Justisie in hierdie verband moet verskaf realiseer dikwels nie.
- Uit die literatuurstudie kom dit na vore dat verskeie ondersoeke reeds in Suid-Afrika gedoen is ten opsigte van die kennis van regs- of voorgraadse opleiding in die hantering van sake van seksuele misdriewe teen kinders. Die aanname kan met veiligheid gemaak word dat regs- of voorgraadse opleiding in die algemeen nie oor voldoende kennis in hierdie verband beskik nie, omdat sodanige opleiding nie deel uitmaak van voorgraadse regstudies nie.
- Uit hierdie studie en ander studies blyk dit duidelik dat opleiding van regs- of voorgraadse opleiding in die hantering van sake van seksuele misbruik teen kinders noodsaaklik is en voorrang moet geniet.
- Die gevolgtrekking word gemaak dat daar ter wille van kinderslagoffers van misdaad (waaronder seksuele misbruik) 'n multi-professionele spanbenadering gevolg behoort word vanaf die oomblik van openbaarmaking van die misbruik tot op die dag dat die hofsaak afgehandel is.

- Kinderslagoffers van seksuele misbruik beleef trauma binne die kriminele-regstelsel. Hierdie trauma kan egter nie net voor die deur van Justisie gelê word nie. Op regeringsvlak word besluite geneem wat die slagoffer se trauma kan intensifereer of verminder. 'n Voorbeeld hiervan is die ontbinding van die kinderbeskermingseenhede in 2008, ondanks die feit dat dit baie goed funksioneer het. Hierdie eenhede is van 1 Junie 2010 heringestel, maar intussen het baie kundige personeel die polisiemag verlaat. Heropleiding van personeel is 'n tydrovende proses en 'n geruime tyd gaan verloop alvorens slagoffers werklik die positiewe uitwerking van hierdie heropleiding gaan ervaar. Die vraag is egter waarom hierdie eenhede in die eerste plek ontbind is. In landelike gebiede gebeur dit dat slagoffer-vriendelike fasiliteite by polisiekantore gesluit word. Dieselfde is van toepassing op die Seksuele Oortredings- en Gemeenskapsaangeleenthede-howe (SOGA-howe). Hierdie howe bied spesialisdienste aan slagoffers van seksuele misdrywe en huishoudelike geweld. Daar is reeds gerugte dat hierdie howe ontbind gaan word. Dit is 'n tragedie dat wat doeltreffend funksioneer, ontbind word. Die belewenis is soms dat slagoffers van misdaad die proefkonyne is terwyl daar op hoë vlak besluite geneem word.

10. AANBEVELINGS

Op grond van die bevindinge van die ondersoek wat in hierdie tesis gerapporteer is, word die onderstaande aanbevelings gemaak:

- Daar word voorgestel dat hoëvlak-samesprekings plaasvind tussen die Justisie-kollege en individue en/of organisasies wat opleiding bied in die hantering van die kind gedurende die geregtelike proses.
- Hoëvlak-samesprekings word voorgestel tussen universiteite en die Departement van Justisie om basiese kennis ten opsigte van die volgende aspekte deel te maak van voorgraadse regstudies: kinderontwikkeling; trauma en geheue; die verhouding tussen die kind en die oortreder.
- Forensiese maatskaplike werkers kan aangestel word om die Staat by te staan in sake van seksuele misbruik van kinders. Sodanige maatskaplike werkers kan behulpsaam wees met die afneem van verdere verklarings by die kind, asook met die samestelling van die forensiese verslag. Hulle kan ook as deskundige getuies in die hof optree.

- Slagoffers van seksuele misbruik behoort die geleentheid gebied te word om 'n slagoffer-impakverslag aan te heg by die polisieverklaring.
- Samewerking word voorgestel tussen die Nelspruit-Streekhof en Childline Mpumalanga met die oog op verdere opleiding aan regslui ten opsigte van die kindergetuie.
- Verdere navorsing onder regslui word aanbeveel ten opsigte van die uitwerking wat sake van seksuele misbruik van kinders op hulle werkswaardigings sowel as hulle persoonlike funksionering het.
- Verdere navorsing word aanbeveel met die oog op die samestelling van 'n effektiewe, wetenskaplik gefundeerde beradingsprogram vir professionele persone wat met die seksuele misbruik van kinders werk.

BRONNELYS

- BURMAN, S. 2003. The fate of the child: Legal decisions on children in the new South Africa. Landsdown : Juta Law
- CEALERS, D. 2007. Child Abuse expert says SA not on track. *Cape Argus*, 2,30 January.
- CLARKE, D., DAVIS, L. & BOOYENS, K. 2003. A silver era for victims of crime: Reassessing the role that victim impact statements can play in improving victim involvement in Criminal Justice Procedures. *Acta Criminologica*, 16(2):43-56.
- CRESWELL, J.W. 2009. Research Design Qualitative and Quantitative Approaches. New York : Sage Publications
- CONRADIE, H. 2003. Are we failing to deliver the best interest of the child? *Crime Research in South Africa*, 5(1) 8p.
- DRAUCKER, C.B. & MARTSOLF, D.S. 2008. Storying Childhood Sexual Abuse. *Qualitative Health Research*, 18(8):1034-1048.
- DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHE, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Research at Grass roots. Pretoria : Van Schaik Uitgewers.
- FALLER, K. C. 2003. Understanding and Assessing Child Sexual Maltreatment. London : Sage Publications.
- FELDHAUS, K. M., HOURY, D. & KAMINSKY, R. 2000. Lifetime Sexual Assault Prevalence Rates and Reporting Practices in an Emergency Department Population. *Annals of Emergency Medicine*, 36(1):13p
- FILIPAS, H.H. & ULLMAN, S.E. 2006. Child Sexual Abuse, Coping Responses, Self-Blame, Posttraumatic Stress Disorder, and Adult Sexual Revictimization. *Journal of Interpersonal Violence*, 21(5):652-672.
- FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. In-depth review of literature. (In DE VOS, A.S.; STRYDOM, H.; FOUCHE, C.B. & DELPORT, C.L.S. 2005. Research at grass roots for the Social Science and Human Service Professions. Pretoria : Van Schaik. 123p.)
- GOODMAN-BROWN, T.B., EDELSTEIN, R.S., GOODMAN, G.S., JONES, D.P.H. & GORDON, D.S. 2003. Why children tell: a model of children's disclosure of sexual abuse. *Child Abuse and Neglect*, 27(2003):525-540.

- GREEF, F.M. 2003. Information Collection: Interviewing. (*In* DE VOS, A.S.; STRYDOM, H.; FOUCHE, C.B. & DELPORT, C.L.S. 2003. Research at grass roots. Pretoria: Van Schaik. P. 291-319.)
- LECTIC LAW LIBRARY. 2010. Witness. <http://www.lectlaw.com/def2/w018.htm>
Date of access: [26 November 2010].
- LONG, J. 2009. Raising boys and girls: Difference in Language Development and Communication. *Enzine Articles.com* Date of access: [20 November 2010].
- LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & LOUW, A.E. 1998. Menslike Ontwikkeling. Kaapstad : CTP Boekdrukkers.
- LOUW, A.E. 2005. Die bevoegdheid van kinders as getuies: die rol van taalvaardigheid. *Child Abuse Research in South Africa*, 6(2):19-28.
- LOUW, D. & LOUW, A. 2007. Die Ontwikkeling van die Kind en die Adolessent. Bloemfontein : Psychology Publications.
- MAHLOBOGWANE, F. 2005. South African Courts and the 'best interest of the child' in custody disputes. *Codicillus*, 46(1):30-34.
- MC NALLY, R. J. 2003. Remembering Trauma. London : Harvard University Press.
- MENGEL, N. 2008. Training needs of the legal profession on the child as witness: A social work investigation. Potchefstroom: North-West University. (Verhandeling-MSW) 44p.
- MEYERS, J.E.B., BERLINER, L., BRIERE, J., HENDRIX, C.T., JENNY, C. & REID, T.A. 2002. The APSAC Handbook on Child Maltreatment. London : Sage Publications.
- MÜLLER, K. 2000. The effect of the accusatorial system on the child witness. *CARSA*, 1(2):10p.
- MÜLLER, K. 2001. An Inquisitorial Approach to the Evidence of Children. *Crime Research in South Africa*, 4(4):13p
- MÜLLER, K. 2002. The Judicial Officer and the Child Witness. Port Elizabeth : Printrite.
- MÜLLER, K.D. & VAN DER MERWE, I.A. 2002. Hearsay evidence and the child witness. *Journal for Juridical Science*, 27(2):38.

- NAGIA-LUDDY, F. & WATERHOUSE, F. 2009. Oiling the wheels of justice? *SA Crime Quarterly*, (29):35-42
- NATIONAL CHILD TRAUMATIC STRESS NETWORK. 2009. www.nctsn.org/content/summer.2009 [Date of access 6 August 2010].
- NEL, B. 2006. SA Career Focus Magazine. www.sacareerfocus.co.za [Date of access: 4 Jul. 2009].
- PANSCOFAR, N. & VERNON-FEAGANS, L. 2010. Fathers' early contribution to children's development in families from low-income rural communities. *Early Childhood Research Quarterly*, (25):450-463.
- POTGIETER, R. 2003a. Kliniese Kinderassessering (Module 3). Pretoria : RP Kliniek. (Studiegids Module 3) 32p.
- POTGIETER, R. 2003b. Kliniese Kinderassessering (Module 6). Pretoria: RP Kliniek. (Studiegids Module 6) 27p.
- POTGIETER, R. 2009c. Helping children with difficult behaviour: The use of sensory integration for emotional regulation. (Voordrag gelewer op 14 September 2009.) Pretoria. (Ongepubliseer) 1p.
- RICHTER, L., DAWES, A. & HIGSON-SMITH, G. 2004. Sexual abuse of young children in Southern Africa. Cape Town : HSRC Press.
- SAFFY, J. 2003. Child sexual abuse as a precursor to prostitution. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 39(2):132, June.
- SCHOLTZ, H. 2009. Skoolhoof was 2de oupa, krap haar rug, betas haar, hoor hof. *Beeld*: 4, 26 Junie.
- SMALLMAN, N. 2010a. Alleged rapist out on bail. *Lowvelder*. 2, 28 Mei.
- SMALLMAN, N. 2010b. Order to protect children. *Lowvelder*. 2, 1 Junie.
- SOUTH AFRICA. Community agency for Social Enquiry. 2005. Child Sexual Abuse and Exploitation in South Africa. Pretoria : Government Printer.
- SPIES, G.M. 2006. Sexual abuse – Dynamics, assessment and healing. Pretoria : Van Schaik Uitgewers.
- STROUS, M. 2007. Post divorce relocation: In the best interests of the child? *SA Journal of Psychology*, 37(2):223-244.

- STRYDOM, H. 1999. Maatskaplike Werk Navorsing (MWK 321/411). *Potchefstroom*: PU vir CHO. (Diktaat D134/99).
- STRYDOM, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (In DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. and DELPORT, C.S.L. eds. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 113-129.)
- SUID-AFRIKA. Konvensie oor die Regte van die Kind. 1989. Pretoria: Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 1996. Grondwet, Wet 108 van 1999. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 1998. Wet op Nasionale Vervolgingsgesag, 56/2008. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 1999. Afrika-handves oor die Regte en Welsyn van die Kind. Pretoria: Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 2002a. Parlementêre Taakgroep rakende Seksuele Misbruik van Kinders. Maart.
- SUID-AFRIKAANSE REGSKOMMISSIE. 2002b. Projek 107: Verslag rakende Seksuele Oortredings. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. Regeringskommunikasie- en Inligtingstelsel Jaarboek. 2009/2010. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 2005. Kinderwet, Wet 38 van 2005 soos gewysig. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 2007. Wet op Seksuele Misbruik, Wet 32 van 2007 soos gewysig. Pretoria : Staatsdrukker.
- TOMODA, A., NAVALTA, C.P., POLCARI, A., SADATO, N. & TEICHER, M.H. 2009. Childhood sexual abuse is associated with reduced gray matter volume in visual cortex of young woman. *Biol Psychiatry*, (66):642-648
- UNITED STATES. 2001. Megan's Law. Facts about Sex Offenders. State of California: Department of Justice.
- ULLMAN, S.E. 2003. Social reactions to Child Sexual Abuse Disclosures: a Critical Review. *Journal of Child Sexual Abuse*, 12(1):89-121
- VENTER, G. 2009. SA Career Focus Magazine. www.sacareerfocus.co.za

[Date of access: 4 Jul. 2009]

WALKER, A.G. 2000. Handbook on Questioning Children. London : Sage Publications.

WARSHAK, R.A. 2007. The approximation rule, Child development *research & Children's best interest after divorce. Society for research in Child development, 1(2):119-125*

WASSERMAN, E.B. Dealing with disclosure of sexual abuse. *Centre for Child Abuse and Neglect, 3:1-12*

WATERHOUSE, S. 2008. The impact of changing criminal justice responses to child victims of sexual abuse. Pinelands : Open Society for South Africa.